Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

Die O.B.

Jrg. 8. Kaapstad, Woens., 15 Des. 1948 Prys 3d. No. 6

# K.G. Antwoord Op Dr. Malan Se Eise

**Blykens die pers dreig daar moeilikhede tussen dr. Malan en mnr. Havenga, met baie swaar implikasies. Vir meeste mense is die redes duister, maar ook die O.B. word by die hare deur dr. Malan teen mnr. Havenga ingesleep. Ons het deur ondervinding dikwels geleer dat sulke broedertwiste niemand as wenner laat tevoorskyn tree nie; maar skoot vir skoot is dit die volk wat verloor.**

**Dog as leier van die O.B. wil ek beklemtoon dat dit 'n verregaande onregverdigheid is om mnr. Havenga aanspreeklik te hou vir die beweerde sondes van die O.B. en van hom te eis dat hierdie organisasie moet ophou om te bestaan, aangesien hy geen verband met (en nog minder seggenskap oor) die O.B. het. Daaruit vloei vanselfsprekend dat hy geen verantwoordelikheid kan dra nie.**

Nooit was hy lid nie, selfs nie in die dae toe meeste van dr. Malan se L.V.'s (en ook etlike van sy kabinetslede) geesdriftige offisiere in ons geledere was; die dae toe dr. Malan in die Volksraad gesê het: „Vat aan die O.B. en julle vat aan my!" Billikheidshalwe wil ek toegee dat dit dae was toe die Duitse leërs nog besig was om die oorlog te wen. **Maar selfs in daardie dae het mnr. Havenga met die O.B. niks te doen gehad nie.**

Nou is daar pertinente eise aan die O.B. gestel en mnr. Havenga kan daardie eise nòg toegee nòg weier, omdat hy daarmee niks te doen het nie. Ek, daarenteen, het teenoor die O.B. sekere verpligtings en wil kortliks die eise behandel.

### „VREEMDE IDEOLOGIE"

Dr. Malan eis (a) dat ons ophou om te bestaan as Beweging en (b) dat ons afsien van ons „vreemde ideologie" (vermoedelik dink hy aan Nasionaal-sosialisme). **Wat laasgenoemde betref wil ek hom herinner (en met hom die publiek) dat hy voor die algemene verkiesing gesê het dat die Nasionaal-sosialisme van die O.B. die enigste struikelblok in die pad van volkseenheid sou wees. Daarop het die Uitvoerende Raad van die O.B. (Voorsitter, professor D. J. van Rooy van Potchefstroom) hom die formele en ondubbelsinnige versekering gegee dat die Ossewabrandwag nog nooit te eniger geleentheid as Beweging die Nasionaal-sosialisme as beleid aanvaar het nie. As hy die versekering van eerbare manne destyds nie wou aanvaar nie lyk dit vir my nutteloos om dit nou weer te herhaal. Nietemin konstateer ek die feit.**

### PARTYDIKTATUUR

Verder eis dr. Malan dat die Ossewabrandwag ophou om te bestaan. Daarop kan ek net antwoord dat die Ossewabrandwag deur tien jaar se swaar offers en deur aangrypende trou sy bestaansreg verower het. **Nog nooit het dit sy bestaan te danke gehad aan persone buitekant die eie geledere nie.** Sy voortbestaan het nooit afgehang van die genade van dr. Malan se voorganger in die Uniegebou nie; ewemin hang dit vandag af van die genade van generaal Smuts se opvolger in daardie amp.

**As 'n diensgewyde republikeinse Volksbeweging het die Ossewabrandwag geen begeerte om op die partypolitieke terrein te tree nie; en as sodanig is hy ook nie bereid om hom buitekant daardie terrein aan partydiktatuur te onderwerp nie, ongeag van watter kant dit kom.**

# Ons Vra Verskoning

**Ons wil opregte verskoning aan ons lesers vra dat hierdie uitgawe nie in feesgewaad verskyn nie. Dit was ons bedoeling om op hierdie dag die groot gebeure van Monumentkoppie tien jaar gelede weer in herinnering te roep met spesiale feesartikels. Ons wou opnuut die ideale van waaragtige volkseenheid en suiwere volksdiens wat so hoog gevlam het rondom die Ossewaens — ideale wat die Ossewabrandwag bestem voor was om te bestendig — beseël het.**

**Dit is 'n bittere ironie dat ons in plek daarvan juis hierdie uitgawe moet aanwend om daardie ideale te verdedig teen 'n verdere aanslag op volkseenheid deur 'n partyleiding wat sedert 1939 stap na stap daardie eenheid van Monumentkoppie verbrokkel het en nou weer uitmekaar wil laat jaag wat ander so moeisaam byeengebring het.**

**Lees ons verdediging en vra dan waarom soiets moet gebeur. Wat is die rede?**

# A.P. GAAN NIE DEELNEEM AAN PROV. VERKIESINGS

## HOOFBESTUUR ONTKEN BEWERINGS OOR O.B.'s

**Die Hoofbestuur van die Afrikanerparty het Saterdag onderstaande verklaring uitgereik:**

**Met die oog op die verklarings in die pers van die H.N.P. dat die „Nasionale Party O.B.-kandidate weier" en die berigte oor die beweerde verloop van die onderhandelings tussen die H.N.P. en die Afrikanerparty oor die toekenning van provinsiale setels, wens die Hoofbestuur van die Afrikanerparty die volgende verklaring te doen:**

### KEURING VAN A.P.-KANDIDATE

**I. Die Hoofbestuur konstateer dat met die onderhandelings in Kaapstad tussen komitees van die Herenigde Nasionale Party (van Kaapland en Transvaal) en die komitee van die Afrikanerparty daar nooit iets gerep was oor kandidate van die Afrikanerparty wat ook lede van die Ossewabrandwag is nie. Hierdie aangeleentheid was nooit ter sprake nie.**

II. Op 'n Dagbestuursvergadering van die Afrikanepraty in November (geruime tyd na die onderhandelings) het aan die lig gekom dat die H.N.P. van Transvaal (in 'n brief) en die H.N.P. van Kaapland (in 'n telegram) dit as 'n vereiste stel dat O.B.-lede geen kandidate mag wees nie.

III. Op dieselfde vergadering het verder aan die lig gekom dat die Organiserende Sekretaris van die Afrikanerparty, mnr. J. L. V. Liebenberg, L.V., sonder die gesag van die Hoofbestuur of die Leier van die Party die brief van die H.N.P. van Transvaal (waarin gemelde eis gestel is), beantwoord het en niks gerep het van die eis nie omdat hy dit as 'n aangeleentheid beskou het wat alleen deur die twee Hoofleiers van die kontrakterende partye besleg kan word.

IV. Onmiddellik na kennisname van hierdie brief en van die telegram van die H.N.P. van Kaapland (oor O.B.-kandidate) het die Dagbestuur van die Afrikanerparty die saak na die Leier van die Party verwys.

**V. Die Leier het onverwyld opdrag gegee dat aan die H.N.P. van Transvaal en van Kaapland 'n skrywe gerig word dat die Afrikanerparty nie bereid is om enige setels voorwaardelik te aanvaar nie.**

VI. Daarop is deur die H.N.P. aan die Leier van die Afrikanerparty geskryf dat dit 'n vaste voorwaarde is vir die seteltoekenning.

**Die Hoofbestuur van die Afrikanerparty wil dit dus duidelik stel dat nòg die Leier nòg enige bestuur van die party hierdie eise van die Herenigde Nasionale Party ooit aanvaar het.**

Die Hoofbestuur het ook kennis geneem van die briefwisseling tussen mnr. N. C. Havenga en dr. D. F. Malan soos deur dr. Malan in die openbare pers geopenbaar, en onderskryf mnr. Havenga se standpunt dat die Afrikanerparty onder die bestaande omstandighede **geen aandeel aan die Provinsiale verkiesings sal hê nie.**

### VRYSTAATSE SETELS

**Die Hoofbestuur wil met klem verklaar dat daar geen amptelike onderhandelings oor die Vrystaatse Provinsiale setels gevoer is nie, maar wel dat gesprekke met enkelinge van die onderhandelende komitee van die Afrikanerparty gevoer is.**

Sowel dr. D. F. Malan, Hoofleier van die H.N.P., as adv. C. R. Swart, Leier van die Vrystaatse H.N.P., het verklaar dat dit 'n Provinsiale aangeleentheid is, maar toe die onderhandelings moes begin, daag net een onderhandelaar op, nl. mnr. W. J. Pretorius, L.U.K. Die komitee van die Afrikanerparty het dit vreemd gevind, in ag geneem die feit dat die H.N.P. in elke Provinsie 'n komitee vir onderhandelings benoem het.

**In die gesprekke met individuele lede van die Afrikanerparty-komitee is aan mnr. Pretorius, as basis vir onderhandeling, sewe setels genoem (t.w. Fauresmith, Winburg, Bloemfontein-Sentraal, Bloemfontein-Suid, Bloemfontein-Oos, Bloemfontein-Wes en Kroonstad), maar die minimumversoek was vier setels, nl. drie in Bloemfontein en die Kroonstadse setel — setels wat op die oomblik deur die Verenigde Party gehou word.**

### VIR OORWEGING

Na beraadslaging met sy Hoofbestuur het mnr. Pretorius laat weet dat die H.N.P. nie Winburg, Kroonstad, Fauresmith en Bloemfontein-Suid kan „afstaan" nie. Maar as die Afrikanerparty „nog belang stel in die drie setels Bloemfontein-Sentraal, Bloemfontein-Wes en Bloemfontein-Oos, en daar kandidate wil stel, sal die versoek van die Afrikanerparty aan die distriksrade van die betrokke kiesafdelings vir oorweging voorgelê word".

Die minimum versoek wat die Afrikanerparty, met die oog op die groot saak, as redelik en billik beskou het, is dus van die hand gewys en die bestuur van die Afrikanerparty het dit dus futiel beskou om selfs enige amptelike onderhandelings te begin.

### KENNIS GENEEM

Die Hoofbestuur het ook kennis geneem van adv. C. R. Swart se verklaring in die openbare pers dat die H.N.P. „bloot uit goeie gesindheid" die „baie veilige setel Ladybrand" aan mnr. Havenga gegee het en dat aan die Afrikanerparty in die Vrystaat twee Senatore toegeken is.

Die Hoofbestuur wil daarop wys dat hierdie reëling geskied het ten opsigte van die algemene verkiesing en dat dit geen verband hou met die Provinsiale verkiesing nie. Die Hoofbestuur moet dus met leedwese verklaar dat die H.N.P. die billike en redelike versoek van die Afrikanerparty ten opsigte van die Vrystaatse Provinsiale setels van die hand gewys het, en dat dit geensins 'n onbillike opvatting is nie wanneer verklaar word dat „'n gees van onwelwillendheid en gebrek aan erkenning van ons bestaansreg geopenbaar is in die Vrystaat met betrekking tot die verdeling van Provinsiale setels".

In verband met die algemene bewerings dat daar 'n ooreenkoms sou bestaan dat die Afrikanerparty gebind is om geen kandidate wat ook lede van die Ossewabrandwag is as kandidate van die Afrikanerparty aan te wys nie, verklaar die Hoofbestuur **dat daar nooit so 'n ooreenkoms bestaan het nie.** By die laaste algemene verkiesing, toe besware gekom het van die kant van die H.N.P. teen sulke kandidate, het die Leier te kenne gegee aan dr. Malan dat hy nie die ooreenkoms wat bereik was, sou laat skipbreuk ly hierdeur nie en dat hy hom

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

daarby sou neerlê ingevolge waarvan die amptelike kandidatuur van mnr. Vorster te Brakpan dan ook opsy gestel is; maar die Hoofbestuur wil nadruklik verklaar dat geen dergelike onderneming of beweerde ooreenkoms ooit bestaan het in verband met die Provinsiale aanwysing van setels nie en dat die Afrikanerparty nie bereid is om so 'n eis van die sy van die H.N.P. oor hierdie punt nou te laat geld nie.

Die Hoofbestuur laat die saak verder in die hande van die Leier van die Afrikanerparty om te handel in die gees van die kongresbesluite.

# SAL OOREENKOMSTE SKEURING BELET?

**In meer as veertig kiesafdelings het kandidate van die H.N.P. in die algemene verkiesing ooreenkomste met die Ossewabrandwag aangegaan. Hulle het erewoordelik onderneem om hulle „in die toekoms te beywer vir VERWYDERING VAN DISKRIMINASIE TEEN O.B.-LEDE EN VIR STAKING VAN BROEDERTWIS EN VERDEELDHEID IN AFRIKAANSE GELEDERE."**

**Die Ossewabrandwag het hierdie ooreenkomste eerbiedig en vir die doel om samewerking makliker te maak, het O.B.-lede juis by een van die bondgenoot-partye aangesluit.**

**Dit blyk nou dat die H.N.P.-leiding sy diskriminasie teen O.B.-lede, bloot terwille van die feit dat hulle O.B.-lede is, sedert 26 Mei voortgesit het tot binne in die bondgenootparty, en wel met soveel beslistheid dat hy nou 'n breuk in die bondgenootskap bewerkstellig het.**

**Die vraag is nou: wat gaan parlementslede en takbesture van die H.N.P. doen wat hulle gebind het om hierdie soort vervolging van mede-Afrikaners in die toekoms te bestry? Op hulle rus tans 'n sware verantwoordelikheid en die volk verwag dat hulle alles in hul vermoë sal doen om die sinlose stryd in die kiem te smoor.**

**Ons glo dat daar genoeg eerbares sal wees wat hul woord sal nakom.**

# Federale Raad Sê O.B. Se Ideaal Is „Geheilig"

**In sy briefwisseling aan mnr. Havenga noem dr. Malan as rede vir sy weiering om O.B.-lede se kandidaatstelling vir die Afrikanerparty te aanvaar die feit dat die O.B. voortgaan om 'n „anti-demokratiese ideologie" te verkondig. Die Burger praat van die „ou O.B.-ideologie, van die afskaffing van partye en die instelling van 'n gesagstaat oftewel diktatuur".**

Ons wil ons lesers vra om die verklaring van die Grootraad in 1947, wat ons weer in hierdie uitgawe plaas, noukeurig te lees in die lig van die aanklag teen die Beweging. **Daaruit sal blyk dat wat die O.B. na strewe in hoofsaak die stelsel van die Boererepublieke is met die nodige aanpassing by huidige omstandighede.** Om die O.B. dus van „anti-demokratiese" ideologie „oftewel diktatuur" te beskuldig, beteken dat die Republieke van Steyn en Kruger ook sal moet deurgaan vir „anti-demokraties" en diktatuur.

**„KARIKATUUR"**

Die O.B. is beslis ten gunste van afskaffing van die Britse parlementêre stelsel omdat dit sowel 'n uitheemse as 'n ondoeltreffende stelsel is waarbinne partyleiers gedurig self moet pleit om groot vraagstukke **„buite die partypolitieke arena" te hou, maar dit inderdaad steeds dieper in die „arena" insleep, soos die naturellevraagstuk getuig.** Maar omdat die O.B. hierdie standpunt inneem, beskuldig dr. Malan en sy pers hom van „anti-demokraties", „oftewel diktatuur". **Met ander woorde, die parlementêre stelsel is die begin en die einde van die demokrasie.** Maar niemand minder as dr. Malan het in 1941 met die grootste stelligheid beweer dat die Britse parlementêre stelsel nie met die demokrasie verwar moet word nie, daar dit 'n „karikatuur van die demokrasie" is! Ons vra dus ons lesers om ook die oordeel van die H.N.P.-leiding oor die Britse parlementêre stelsel te lees, en dan te besluit in hoever die beskuldigings met mekaar strook:

**„HEMELSBREED"**

Op 10 April 1941 het die Federale Raad van die H.N.P. die volgende verklaring uitgereik oor „Toekomsbeleid". Onder punt (6) en (7) daarvan lees ons:

„Die Boerenasie, wat die skepper en beskermer van ons eie Suid-Afrikaanse nasieskap is, het in die Boererepublieke 'n stelsel ontwerp wat ons eie is, **wat hemelsbreed van die Britse parlementêre stelsel verskil en tog ook op demokratiese grondslag berus**, en wat deur die vuur van opoffering en lyding so geheilig is dat dit in die hart van die hele Afrikanerdom bly leef het en vandag net so 'n magtige drang by hom geword het as veertig jaar gelede. (7) **Dit is op hierdie stelsel, na omstandighede gewysig en verbeter, waarop ons veilig kan en moet voortbou. . . .**"

**Maar vandag stel dr. Malan aan die O.B., wat bogenoemde „geheiligde" ideaal nog in sy hart bewaar, die keuse om òf geen aandeel te neem in die stryd om behoud van die blankedom nie, òf daardie ideaal „wat in die hart van die hele Afrikanerdom brand", te verloën.**

Die O.B. weier om te kies.

## MNR. BENADE VERLAAT H.N.P.

**Kort op die hakke van die moeilikheid wat daar ontstaan het omdat die H.N.P. weier om A.P.-kandidate te erken wat ook lede van die O.B. is, het Die Burger aangekondig dat mnr. J. G. Benade wat 34 jaar lid van die H.N.P. was en ook die afgelope vier jaar lid is van die Aksiekomitee van die Nasionale groep in die Bloemfonteinse stadsraad, die party bedank het en by die Afrikanerparty aangesluit het.**

Mnr. Benade was verlede jaar burgemeester van Bloemfontein en is onlangs deur die Minister van Gesondheid as lid van die Behuisingsraad aangestel.

Hy het verklaar dat die Nasionale Party 'n verkeerde pad volg en dat baie Nasionaliste saam met hom die mening toegedaan is dat die party deur 'n kliek regeer word.

„Ek sluit by die Afrikanerparty aan omdat ek slegs die een pad wat ek reeds beskrywe het, kan volg en met die vertroue dat hierdie party my die geleentheid sal verskaf om my landgenote volgens my volle oortuiging te dien."

## *K.G. Bemaak Lewenspolis Aan Boerejeug*

**By geleentheid van 'n puik eetmaal in die Afrikaanse Koffiehuis Pretoria, wat deur die Boerejeug gereël was ter afsluiting van die jaar se bedrywighede, het die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg aangekondig dat hy op versoek van mev. Van Rensburg 'n lewenspolis ter waarde van £500 0s. 0d. aan die Boerejeug bemaak het.**

**In sy bedankingswoord het die Jeugleier, prof. Dirk van Rooy, die K.G. verseker van die Boerejeug se innige waardering vir die pragtige skenking, maar die hoop uitgespreek dat die Boerejeug baie jare nog sal wil wag om die geld te ontvang, want die K.G. in lewe is vir ons meer werd as duisende en duisende ponde geld na sy dood.**


DOEN DIE RONDE



MET KOMMANDO ROND



DIE SIGARET WAT



VRIENDSKAPPE SLUIT—VRIENDE BEHOU

Hulle werk sagkens met u keel . . . sagkens met u beursie! Probeer vandag 'n pakkie KOMMANDO!

In Pakkies van 10, 20, 50. Met of sonder Kurk.




BH 3266


# ERASMUS EN O.B. SIT IN EEN BOOT: IS NET HY REG?

**Die argument word gebruik dat indien die O.B. vir afskaffing van die parlementêre stelsel oftewel partye is, dan kan hy mos ook nie deelneem aan die stryd van partye nie. Dan is dit mos belaglik dat sy lede ook na die parlement wil gaan!**

**Die eerste antwoord hierop is: Indien 'n onderwysman hom beywer vir 'n nuwe onderwysstelsel, sal mens nou verwag dat hy uit die onderwyswêreld geskop moet word en nou òf moet „ontbind" òf sy idees afsweer?**

Maar ons kan nog nader kom aan die werklikheid: Mnr. F. C. Erasmus, Minister van Verdediging, is op die oomblik besig om 'n heeltemal nuwe stelsel vir die verdediging in te voer. Die oue word tot „op die grond afgebreek" en die kommandostelsel dan van nuuts af opgebou. **Beteken dit nou dat die offisiere wat mnr. Erasmus hiertoe geadviseer het, nou geen deel verder mag neem aan die Verdediging nie? Die ou Britse stelsel bestaan mos nog en hoe durf hulle dan, volgens Malanlogika, dit waag om propaganda te maak vir 'n afbreking „tot op die grond" van die bestaande stelsel terwyl hulle self binne daardie stelsel hoë posisies beklee? Hoe durf dr. Malan se Minister van Verdediging nog aanbly as hoof van die departement waarvan hy die stelsel so grondig wil afbreek en deur 'n Boere-stelsel vervang?**

**NIKS VERKEERD**

Maar as mnr. F. C. Erasmus en die offisiere van die leër wat hom geadviseer het, geen misdaad pleeg om nog binne die ou stelsel te pleit en te werk vir 'n nuwe nie, dan **spreek dit vanself dat geen O.B.-lid 'n sonde begaan om binne die parlementêre stelsel te pleit vir 'n beter stelsel op Afrikaanse lees nie, en dan verval dr. Malan se hele argument waarom O.B.-lede nie ook as kandidate van 'n bevriende party gestel mag word nie** — behalwe natuurlik daardie deel van die argument wat beweer dat O.B.-offisiere geen setel kan wen nie. Maar daaroor hoef mens nie te argumenteer nie, die geskiedenis het reeds dr. Malan in die ongelyk gestel. **In Brakpan het 'n O.B.-hoofgeneraal ten spyte van 'n persveldtog van H.N.P.-kant teen hom en ten spyte van die buite stemming blywing van tientalle H.N.P.'s sowel binne as buite die kiesafdeling, daarin geslaag om 'n meerderheid van 1679 af te bring na 2.** As die vyf H.N.P.-kiesers van Stellenbosch wat geweier het om hul stembriefies te pos, by voorbeeld net hul plig gedoen het, was die setel gewen. Dus nie die Engelse bly buite stemming nie, maar dr. Malan se eie mense gooi setels weg omdat dr. Malan in die middel van die verkiesing 'n veldtog teen O.B.-lede voer met wanvoorstellings wat nie langs amptelike O.B.-verklarings geplaas kan word nie.

**VRAE AAN DR. MALAN**

**En die volk is geregtig om van dr. Malan te weet hoe hy hierdie weggooi van setels rym met sy geroep dat blank Suid-Afrika gered moet word deur elke blanke krag.**

Die volk sal die vraag stel: **as daar dan geen beginselmoeilikheid is nie, soos ons hier bo aangetoon het, sien dr. Malan in die ou Boere-republikeinse stelsel dan 'n groter gevaar as in die bedreiginge wat hy vir blank Suid-Afrika voorskilder, sodat hy liewer 'n verkiesing oor „blank Suid-Afrika" verloor as om toe te laat dat een O.B.-man in die parlement sy gewig by blank Suid-Afrika gooi?**

**Ons kan dit nie aanneem nie. Maar dan moet daar 'n ander motief agter dr. Malan se handelwyse wees. Wat is daardie motief? Laat dr Malan dit reguit sê!**

## *SKEURING GEFORSEER —WAAROM?*

Dit is duidelik dat dr. Malan 'n nuwe stryd in Afrikanergeledere op die volk afgedwing het met sy eis aan mnr. Havenga om teen sy eie partylede te diskrimineer — 'n eis wat hy geweet het mnr. Havenga as eerbare man nie aan kon voldoen nie. **Dr. Malan het tewens self in 1941 'n volkskeuring veroorsaak juis oor die kwessie van beweerde „inmenging" in sy party van buite af, en daardie „inmenging" het nie eens bestaan uit 'n eis om DISKRIMINASIE nie, maar om groter VERDRAAGSAAMHEID teenoor mede-lede. Hoe kan dr. Malan dan op grond van sy eie opvatting van fatsoenlikheid nou verwag dat mnr. Havenga genoeë moet neem met 'n veel meer direkte en blatante inmenging in sy partysake?**

Dit moet dus duidelik wees dat dr. Malan teen alle koste — selfs van sy eie eerbaarheid — 'n stryd teen mnr. Havenga wou laat ontbrand in 'n poging om sowel mnr. Havenga as dr. Van Rensburg van die toneel te verwyder — **en dit op 'n tydstip wanneer die krag en wysheid van elke Afrikaner juis ingeskakel behoort te word om die blanke bestaan in Suid-Afrika te beveilig.**

Wanneer almal strewe na groter samewerking, dan strewe dr. Malan na nuwe en groter verbrokkeling. Waarom? Daar moet 'n rede voor wees!




WEES BESKERM!

MOTOR-Assuransie by—

SANTAM

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.

Takke dwarsdeur die Unie.

# GEEN DIKTATUUR SÊ GROOTRAAD

**Die leier van die H.N.P., dr. D. F. Malan, sowel as sy verskillende lyforgane het die afgelope week die Ossewabrandwag by herhaling, sonder om te blik of te bloos, daarvan beskuldig dat hy 'n „diktatuur" voorstaan en op hierdie feit baseer hulle hul argument oor die nie-aanvaarbaarheid van A.P.-kandidate wat ook lid van die O.B. is.**

Hoe uit die lug gegryp hierdie bewerings oor 'n diktatuur is, blyk baie duidelik uit die verklaring van die Grootraad van die Ossewabrandwag wat gedurende November 1947 uitgereik is toe dieselfde beskuldigings teen die O.B. ingebring is.

Die verklaring lui as volg (Die O.B., 19 November 1947):

„Die Grootraad van die Ossewabrandwag stel by herhaling sy standpunt ten opsigte van die partypolitiek, die sogenaamde ‚demokrasie' en die partylose staat, en wel as volg:

„(1) Die Grootraad beklemtoon dat die Ossewabrandwag nie op partypolitieke terrein is nie en ook geen voorneme koester om dit te betree nie; ook dat hy met die verkiesing geen kandidate gaan stel nie.

„(2) Wat die regeringstelsel en die partyloosheid betref (ideale waarvan die Ossewabrandwag volgens sekere politici moet afsien) wil dit die Grootraad voorkom dat daar misverstand heers aangesien die Ossewabrandwag hierin slegs getrou bly aan die beleid wat in 1941 deur alle volksorganisasies (insluitende die H.N.P. en die Ossewabrandwag) skriftelik en na rype beraad aanvaar is, naamlik:

**‚Die staat moet waarlik republikeins, vry en Christelik-Nasionaal wees. Die staatstelsel mag nie op vreemde lees geskoei wees nie. Dit moet wegbreek van alles wat vals en volksdadelik is in die demokrasie soos hier bekend, en moet 'n kragtige landsregering moontlik maak, gebou op die begrippe van volksregering van die Suid-Afrikaanse republieke, met die nodige aanpassing in 'n geïndustrialiseerde staat ter bevordering van volksbelange.'** (Aangehaal uit ‚Verklaring namens Volksorganisasies' soos oorweeg en aanvaar deur die Afrikanereenheidskomitee van Julie 1941, gedruk deur Voortrekkerpers, Johannesburg.)

„Hierdie stuk is destyds aanvaar en onderteken namens die F.A.K., die Ossewabrandwag, die Ekonomiese Instituut van die F.A.K., en die R.D.B., sowel as deur verskeie kerkmanne wat gesaghebbende betrekkings beklee het. **Ook die H.N.P. het dit aanvaar en wel deur sy hoofleier, dr. D. F. Malan, wat geskryf het: ‚Ek kan u die volle versekering gee dat my aanvaarding van u verklaring en u aanbod ook die hartlike en geesdriftige aanvaarding daarvan insluit van my hele party in die vier provinsies en van sy ander leiers.'**

„Wat die partylose ideaal van die Ossewabrandwag betref, wil die Grootraad net beklemtoon dat (sover hom bewus) albei die Suid-Afrikaanse republieke partyloos was. Die stelsel van **partyregering is eers met die Britse parlementêre stelsel ingevoer. Die Grootraad handhaaf derhalwe 'n volksideaal wat hy (tesame met die H.N.P.-leiding) sedert 1941 gehuldig het."**

Gedurende Mei 1948 het die dagbestuur van die Grootraad ter wille van helderheid en misverstand hierdie verklaring aangevul met 'n verklaring oor nasionaal-sosialisme. Onder meer is verklaar: „Derhalwe konstateer ons dat wat die nasionaal-sosialistiese' ideologie betref, die beleid van die O.B. duidelik en onmiskenbaar in November 1943 deur die Grootraad bepaal en geformuleer is **en dat nêrens in daardie formulering neergelê word dat die O.B. die nasionaal-sosialistiese ideologie aanneem of huldig nie."**

## Honde Vind Hul Weg Na Tafels

Hondevleis, gewoonlik bekend as „game goulash" maak in toenemende mate sy verskyning op die tafels van swartmarkrestaurante in Berlyn, berig Sapa-Reuter. Dit is die vleis van sowat 100 honde wat elke week in Berlyn verdwyn. Daar is verskeie bendes wat hulle toelê op die vang van honde wat hulle dan aan die eetplekke verkoop.

Die steel van die honde gaan soms ook met humor gepaard. 'n Vrou wat die eienares van 'n dachshund was, se troeteldier het weggeraak en met die hoop dat iemand dit terug sal bring, het sy 'n kennisgewing van die verdwyning voor haar deur opgesit. 'n Rukkie daarna het iemand die kennisgewing aangevul met die woorde: „Die hond het lekker gesmaak, is ons meegedeel, maar dit was te klein. Ons kliënte wil groter honde hê."

Berlyn het egter geen tekort aan honde nie. Ten spyte van die voedseltekort het die hondebevolking van die stad die afgelope jaar van 40,000 na 60,000 gestyg.

*☞ Adverteerders hou daarvan dat u melding moet maak van hul adverten sie in „Die O.B."*


**BRILLE**

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT OOK IN VOORRAAD

**Die Voortrekker-Apteek**

Kerklaan, KAAPSTAD.
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besoek ons of skryf om Besonderhede.


# A.K.G. Weerlê Aantyging Met Dokumente

**Genl. J. A. Smith, Adjunk-K.G., skryf as volg na aanleiding van die nuwe veldtog teen die Ossewabrandwag:**

**Van die O.B. is so baie valse voorstellings gedoen, dat mense haas nie meer weet wat waarheid is en wat nie. So kom Die Burger met 'n hoofartikel waarin hy plegtig verklaar dat die O.B. 'n diktatuur voorgestaan het of nog voorstaan. Dit, volgens die blad, sou dit dan vir O.B.-lede onmoontlik maak om kandidaat vir die Afrikanerparty te wees. Dit is kwansuis of werklik die rede waarom 'n O.B.-lid geban is uit die parlementêre front!**

Hier voor my lê die Ontwerpgrondwet wat die O.B. indertyd saam met die H.N. Party en ander organisasies aangeneem het. Dit is die Ontwerp waaruit ek indertyd 'n brokkie gepubliseer het, die s.g. 1/41 — die publikasie waarvan deur dr. Malan as een van sy gronde vir die stryd teen die O.B. genoem is. **Hy en hy alleen sou, volgens sy mening indertyd, die reg gehad het om dit te publiseer.**

Wanneer ons dan in die verlede en nou nog van 'n volksgesagstaat gepraat het, dan het ons die nadruk op volksgesag in teenstelling met partygesag, soos die partye doen, gelê. Maar aangeheg aan hierdie geskiedkundige dokument hier voor my lê die notule van die Kommissie insake Algemene Beleid, soos die gesamentlike kommissie verteenwoordigend van die volksorganisasies indertyd genoem was. **By revisie van die stuk is ekself en 'n ander lid ('n geleerde in die regte) wat tans een van dr. Malan se staatmakerministers is, aangestel om in die lig van die besprekings en voorstelle wat betrekking het op die magte van die president, die regeringshoof, die duur van eersgenoemde se ampstyd (vyf jaar indien hy hom goed gedra en die volkswil gehoorsaam); gedwonge aftreding van 'n volksraadslid en sekere aangeleenthede insake regspleging, te herformuleer.**

### AANVAAR DEUR H.N.P.

Hierdie Ontwerp-grondwet is, soos ons hom gewysig en finaal goedgekeur het, skriftelik aanvaar deur die leier van die H.N. Party en so deur die Ossewabrandwag.

**Dit is geen diktatorstaat wat daarin voorgestel was nie. Ook het die Ossewabrandwag nooit 'n diktatorstaat voor of daarna voorgestel nie.**

Daar is net die een punt waarmee die Ossewabrandwag later vorentoe gekom het, nl. die beklemtoning van die partylose regering as teenstelling met die Britse parlementêre stelsel, nl. dat die partystelsel van regering afgeskaf moet word. **Dit, nl. hierdie standpunt, is gegrond op die stelsel van die gewese twee Republieke. Deur dit te doen, so betoog die leiers van die O.B., sal die volkswil alleen kan geld en nie soos vandag en nog altoos onder die Britse stelsel, dié van 'n groep wat homself in 'n party georganiseer het nie.**

### MEER DEMOKRATIES

Wil mense ons reg oordeel, sal hulle moet erken dat wat die O.B. voorstaan, inderdaad meer eg demokraties is as die partystelsel. **Volgens die Ontwerpgrondwet word die staatshoof of volkshoof, noem hom wat jy wil, die President, elke vyf jaar deur die volk gekies; so ook die verteenwoordigers in die volksraad, terwyl groepverteenwoordiging vir die Gemeenskapsraad geld.**

Nou waar is die vyande van die volksgenote in die O.B. se diktatuur wat hulle gedurig opdis en so aanhou dat hulle hul eie leuens glo?

### PARLEMENTÊRE FRONT

Maar daardie mense weet dat die leiding van die O.B. ook daarby steeds geglo het dat solank daar partye is, solank die huidige stelsel bestaan, ook op die parlementêre front geveg moet word. **Daarom het die O.B. nooit sy lede aangesê om uit die H.N. Party te tree nie. Hulle is uitgeskop en word op die party se „demokratiese" manier van doen nog steeds uitgesluit. So demokraties is die H.N.P. dat hy sy lede voorskryf aan wat en wat nie hulle buite die party mag behoort. Ook misken hulle die reg van minderhede, nl. hul bondgenoot wat die keuse van kandidate betref.**

### NET EEN PARTY

Ek sluit: Die O.B. was nimmer 'n voorstander van 'n diktatorstaat nie. Sy stryd met die H.N. Party was oor 'n volksfront, nl. samewerking van nasionaalgesinde partye en groepe. Dit, dikteer die party, is verkeerd. **Net een party moet daar wees en regeer. Die** diktatuur word by verkeerde adres gesoek. Kom, laat staan daardie dikteerdery en laat 'n O.B.-lid toe om ook op gelyke voet saam te werk. Of sal dit volksgesag in plaas van partygesag stel?



Genl. J. A. SMITH

## Groot A.P.-Dag Samel £100 In

Die Afrikanerparty in die Stellenboschse kiesafdeling het 'n geslaagde A.P.-dag gehou op 27 November op die plaas van mnr. Tielman Roos.

Verskillende sykraampies het aangename afleiding gebied. Wat veral interessant was, was die demonstrasies van mnr. Heydorn. Hy het 'n miniatuurspuitvliegtuig wat hy self gebou het, die verbasende snelheid van by die honderd myl per uur laat bereik. Die vliegtuig is omtrent nege duim lank en word deur 'n gaspatroon langs 'n gladde draad afgevuur.

Na almal hulle vergenoeg het aan al die verskillende geregte, het die aanwesiges geluister na 'n toespraak van mnr. Max Smuts, wat Afrikanerpartykandidaat vir die provinsialeraadsverkiesing in die Paarl sou wees.

Hy het gesê dat die toestand van die regeringskombinasie van so 'n aard is dat eenvoudig alle kragte gemobiliseer moet word om hul posisie te bestendig. Die A.P. vervul die funksie as brug tussen dié persone wat oor beginselvraagstukke eners dink maar nie anders bymekaar kan kom weens die vooroordele van die verlede nie.

Mnr. Smuts het beklemtoon dat daar geen plek vir vyandskap in eie geledere behoort te wees nie. Die deel van die volk, wat dit met die welsyn van die land goed meen, het mekaar gevind en het tegelykertyd in 'n magsposisie gekom waar positiewe stappe in belang van die land se welvaart gedoen kan word.

Die opposisie en hul pers doen alles in hul vermoë om selfs klein meningsverskille as 'n breuk in die geledere van die regeringskombinasie voor te hou. Dit is daarom wenslik dat die samewerking tussen die H.N.P. en die A.P. bo alle twyfel bewys moet word uit die hartlikheid waarmee in die kiesafdelings saamgewerk word.

Die mooi bedrag van iets oor die £100 is met die dag ingesamel.—(Korr.)


**KERSFEESKAARTE**

*VYF Pragtige Gekleurde Natuurtonele*
(VAN KIEKIES AFGEDRUK)

met bypassende verse spesiaal verwerk deur

ONS VOLKSDIGTER — TOTIUS

en in sy eie handskrif afgedruk.

Hier is kaartjies wat u met trots aan enige volksgenoot kan stuur — iets Volkseie

5/- PER DOSYN (K.M.B.)

★

● Ons het ook nog kaartjies met die O.B.-wapen, Wag- en Jeugkentekens teen 3/- per dosyn. Ook kaarte met gekleurde afdrukke van Suid-Afrikaanse wild (en klein O.B.-wapen) teen 3/6 per dosyn.

★

*Bestel dadelik by* DIE BOEREJEUG

POSBUS 1059 — PRETORIA

DIE O.B., WOENSDAG, 15 DESEMBER 1948

# Naturellebeleid En Ons Kinders

Waar dit duidelik geword het dat dr. Malan 'n nuwe stryd in die liggaam van ons volk veroorsaak het en sy pers nou reeds suggereer dat die O.B. aanneemlik is vir die Verenigde Party, is dit noodsaaklik dat ons die O.B. se standpunt ten opsigte van die naturellevraagstuk baie helder stel sodat ons nie later dinge in die mond gelê kan word wat ons nie gesê het nie.

In die eerste plaas moet ons beklemtoon dat daar oor die grondslag, nl. apartheid, waarop die naturellevraagstuk opgelos moet word, geen verskil in beginsel tussen nasionaalgesindes bestaan nie. Die O.B. sien die oplossing in algehele skeiding tussen blank en wit sodat elkeen op sy eie terrein kan ontwikkel en in staat gestel word om 'n besondere bydrae ooreenkomstig sy eie volksaard en vermoë te lewer tot die gemeenskaplike ontwikkeling van Afrika.

**Maar die O.B. glo dat hierdie beleid alleen met welslae toegepas sal kan word indien daar 'n gesonde verhouding tussen die naturel en die witman gekweek en bevestig word. Die eerste stap tot die oplossing moet dus wees om die vertroue van die naturel te wen of te herstel waar dit reeds verloor is.** En omdat ons glo dat die afskaffing van drie naturelle-verteenwoordigers in die volksraad met 'n geringe party-meerderheid van slegs vier nie daarop bereken is om die naturel se vertroue in die witman te versterk nie — **veral nie as dit gebeur binne die giftige klimaat van partystryd waarin een deel van die blankes se bedoelings deur 'n ander deel van die blankes by die naturel in verdenking gebring word nie — maan ons tot versigtigheid hier.** Die afskaffing moet dus plaasvind òf buite die partystryd soos genl. Hertzog dit gedoen het, òf as gevolg van 'n duidelike regstreekse uitspraak van die volk sodat dit buite alle twyfel as die volkswil aanvaar kan word.

## Gee en Neem

Terselfdertyd moet aan die naturelle 'n **positiewe stuk** segregasie gegee word in die plek van die regte wat hulle in die blanke gebied ontneem word. **Ons kan nie waag om by die naturel die indruk te skep dat ons gedurig net regte van hom afneem en nooit van ons kant ook iets ten beste gee nie. So 'n indruk sal die naturel op die verdediging plaas en alle grond vir welwillendheid in die toekoms vernietig. Ons sal daarmee kommunisme met dubbele hande saai en ons kinders sal dit in stortvloede maai.**

Ons standpunt is verder dat indien 'n gewone partyregering dit op hom neem om met 'n geringe partymeerderheid die verskanste artikels van die Unie-grondwet af te skaf, hy die pad oopmaak vir sy teenparty om by 'n volgende geleentheid wanneer die parlementêre wiel sy **onvermydelike** draai voltooi het, daardie maatreëls nie net te herroep nie, **maar vir sy eie beveiliging 'n veel erger maatreël te tref.** Om dit duidelik te stel: Dr. Malan en sy party gaan nou moontlik die **DRIE** naturelle-stemme binne die volksraad afskaf en daarmee „blank Suid-Afrika" vir vyf of tien jaar „beveilig". **Maar hul teenparty het nie net drie stemme om vir sy eie beveiliging mee te speel nie — hy het nagenoeg 10 miljoen nie-blanke stemme wat hy as 'n reserwe in die handhawing van sy posisie kan gebruik. En hy kan dit dan, na ons eie voorbeeld, doen met 'n meerderheid van 1.**

## Buite Partypolitiek

**Daarom is ons oortuig dat die naturelle-vraagstuk alleen blywend opgelos kan word indien dit buite en bo die partypolitiek aangepak en deurgevoer word in 'n volksaksie — en by voorkeur met die samewerking van die naturelle self.**

Laat ons dit so stel: Wanneer 'n delikate erfstuk wat verouderd is omgebou moet word tot iets beters, kan twee metodes gevolg word: dié van 'n baba of dié van 'n vakman. Eersgenoemde sal die instrument op die grond stukkend smyt en dit onherstelbaar vernietig. Dit is dan 'n onherroeplike stap wat wel kortstondige vreugde aan die kind besorg het, maar later as hy groter word kan nawerk in diepe berou oor die onherstelbare skade. Die vakman daarenteen sal dieselfde instrument versigtig uitmekaar haal en herstel en daarmee langdurige vreugde aan homself en ander besorg.

**So is die blanke erfenis vandag in die hande van òf kinders wat dit in een greep kan vernietig deur 'n onwyse stap, tot diepe berou vir die nageslag, òf dit kan in die hande wees van staatsmanne wat wel nie 'n skouspelagtige opklaring bewerkstellig nie, maar 'n deeglike stuk werk lewer tot vreugde van die nageslag — blank sowel as nie-blank.**

**Ons durf nie uit die oog verloor nie dat ons in ons rasseverhoudings te doen het met die magtige element van die menslike gees — dieselfde element wat reeds twee** (vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom) **wêreldoorloë bewerkstellig het omdat dit op verkeerde bane gestuur is.**

**Daar rus dus 'n sware verantwoordelikheid op diegene wat vandag dit op hulle neem om die ontembare gees van menslike groepe in Suid-Afrika op nuwe bane te stoot — bane waarop ons kinders, wat vandag nie ingeroep kan word om 'n medeseggenskap daarin te neem nie, ook sal beweeg . . . . na die hoogtes of na die dieptes, ooreenkomstig ons vandag besluit.**

Ons herdenk môre die slag van Bloedrivier 110 jare gelede. Dit is 'n gepaste geleentheid om bogenoemde oorwegings in diepe bepeinsing te bring en daarby te onthou dat die Voortrekkers baie ferm opgetree het waar hulle moes verdedig, **maar terselfdertyd so gehandel het dat hulle vir baie geslagte die vriendskap en agting van die Zoeloes gewen het.** En in die afgelope 110 jaar het ons, hul nageslag, die vrugte van hul wysheid gepluk.

*Brief Aan My Partyvriend :*

# O.B.'s Uit Prov. Raad, Dog Kommunis In Parlement

Geagte Vriend,

Hierdie week net 'n baie kort briefie om te antwoord op jou vraag waarom die O.B.'s nie maar terwille van volkseenheid toegee aan die eis van dr. Malan om hulself liewer nie as kandidate te laat benoem nie. In die eerste plaas my wedervraag: **Het net die O.B. 'n plig teenoor volkseenheid en nie ook dr. Malan nie? En in die lig hiervan: wat is makliker — om 'n organisasie wat vaskleef aan ideale, wat geweek is in offerbloed van tien jaar se stryd — ideale wat die H.N.P.-leiding in 1941 self beskryf het as so „geheilig" deur lyding dat dit „in die hart van die hele Afrikanerdom bly leef het en vandag net so 'n „magtige drang" geword het as veertig jaar gelede" — om so 'n organisasie te ontbind, of vir dr. Malan om eenvoudig sy vervolging van die O.B. te staak — die O.B. wat juis probeer saamwerk deur** middel van die Afrikanerparty?

**KOMMUNIS**

Het jy al daaroor nagedink dat dr. Malan self geen ander beswaar teen die O.B. het nie as dat hy die parlementêre stelsel wil afskaf? Origens erken hy dat die O.B.'s „goeie Afrikaners" is op wie se steun hy in verkiesingstye staat maak. **Nogtans het dr. Malan belet dat O.B.'s tot die volksraad verkies word lank voordat hy sy voorneme uitgespreek het om die naturelle-verteenwoordigers uit die volksraad te skop, en soos jy self weet, nog langer voordat hy Kommuniste binne die volksraad verbied; want op die oomblik sit daar 'n Kommunis in die Volksraad sonder dat iets totsover gedoen is om te verhoed dat hy daar kom of dat hy weer daar uitgesit word.**

**Maar O.B.'s — „goeie Afrikaners" — word belet om selfs maar lid van die provinsiale raad te word wat maar net te doen het met sake soos paaie, hospitale en onderwys!**

**BOKANT O.B.'s**

Jy sien dus, dr. Malan is bereid om volkseenheid te vernietig en die nasionale bewind in gevaar te stel, net om te verhoed dat 'n paar O.B.'s wat ook lid van die A.P. is, lid word van 'n plaaslike bestuur. **Daarenteen word daar nog 'n Kommunis in die parlement geduld bokant die koppe van daardie O.B.'s wat in die provinsiale raad sou sit!**

Ek herhaal dus my vraag: **Het net die O.B. 'n plig teenoor volkseenheid en die blankedom en nie ook dr. Malan wat tewens ook wel bereid is om met behulp van Jode vir die blankedom te veg, maar nie met die hulp van O.B.'s wat in sy eie woorde „goeie Afrikaners" is nie?**

# STAAN TROU!

**Hfkomdt. Vale Ferreira, Kroonstad, skryf:**

Op die Brakpanse Kongres van die Afrikanerparty het mnr. N. C. Havenga op baie duidelike en ondubbelsinnige wyse gesê: DIE H.N.P. SE EISE TEEN DIE OSSEWABRANDWAG HET NOU VER GENOEG GEGAAN. Hy het verder die kongres verseker dat alle lede van sy party geregtig is op sy beskerming en op die regte en voorregte verbonde aan lidmaatskap van sy party, en dat hy sal toesien dat teen geen O.B.-lid wat ook lid van die A.P. is gediskrimineer sal word nie.

Hiermee het mnr. Havenga aan O.B.-lede binne sy party die versekering gegee dat hy trou by hulle sal staan. Hierdie aankondiging van mnr. Havenga het uitbundige toejuiging van die hele kongres gelok en hy is amper staande toegejuig. Maar nou kom ook die anderkant van die saak. Volgens Die Transvaler van 6 deser gaan die H.N.P. vasstaan in sy diskriminasie teen A.P.-kandidate wat ook O.B.-lede is, en ook op ander punte van verskil met die A.P. gaan hulle 'n onversoenbare houding aanneem.

Graag wil ek langs hierdie weg 'n dringende beroep op alle O.B.'s doen om in die komende weke en maande onbeweeglik vas in hulle trou teenoor mnr. Havenga te staan, soos wat ons in die afgelope 8 jaar getoon het dat ons onoortrefbare lojaliteit teenoor 'n Leier kan handhaaf.

# Staan By K.G. En Havenga

**Kapt. Henri Slegtkamp, D.T.D., Middelburg, Tvl., skryf:** Brandwagte, steun julle K.G. soos julle nog altyd gedoen het, en veral ook mnr. Havenga wat ons so goedgesind is en in genl. Hertzog se voetspore loop. Brandwagte, julle word verag deur dr. Malan en al wat hy van julle verlang is jul kruisie op die stemdag en verder wil hy met julle niks te doen hê nie en wil julle nie erken as goeie Afrikaners nie.

Dink aan die N.H.-fonds in die behartiging van die Afrikanerdom, nie niksbeduidende woorde nie, maar dade. Tog dink dr. Malan meer van die Jode as van mede-Afrikaners. Moet

**ANDER BRIEWE OP Bladsy 6**

samewerking dan net van een kant kom? Toe die H.N.P. hier 'n funksie gehou het, was ons O.B.'s daar teenwoordig, maar toe die O.B. 'n funksie hou, het hulle geskitter deur hul afwesigheid.

Dit lyk my in die Vrystaat word mnr. Havenga net so min erken as die O.B. Ek wens van harte dat mnr. Havenga in die toekoms alleen wil staan. Dan sal dr. Malan gou sy sakdoek moet uithaal om sy eie trane te droog.

Wat my betref, ek staan hart en siel by die K.G. en ook by mnr. Havenga wat nog altyd, ook in die Engelse oorlog, getoon het dat hy nie 'n man van woorde soos dr. Malan is nie, maar 'n dader. En dit is die man vir wie ek my kruisie sal trek tensy dr. Malan sy kop buig. Onthou die bottel dryf op die water totdat hy breek.

(vervolg van volgende kolom)

„10 Jaar Ossewa-Brandwag" het ek waarlik met genot gelees, en dis ongetwyfeld die beste weergawe van die afgelope jare se stryd. Die foto's is werklik 'n besieling, en behoort elkeen wat nog twyfel of die O.B. nog lewe wakker te skud uit sy slaap.

*Soos Ons Lesers Dit Sien*

# BITTERHEID i.p.v. MORELE KRAG

**„Oom Ghandi", Kaapstad, skrywe:** Volksverdeling is andermaal 'n voldonge feit! Om sondebokke te gaan aanwys sou dwaas wees, want soveel partye as wat daar is, soveel sondebokke sal kan aangewys word. Dit is bepaald hoog tyd dat sulke volkskwaaddoeners op een of ander manier tot besinning gebring word, en dat nie politieke gevoelens nie, maar wel politieke verstand, sonder onsinnige agterdogwekkende voorwendsels, van nou af aan deurslag moet gee.

Al die goed wat ons huidige bewind onder tydelike eenheidsomstandighede bewerk het, word nou weer as in een towerslag vernietig en vergeet. Ook die so onontbeerlike morele steun van die hele Afrikanerdom moet nou weer juis plek maak vir daardie bitterheid in gesinne en samelewings, waarvan die politici en pers skynbaar niks begryp nie.

Dit is nie die volk wat wil twis en skeur nie, maar ongelukkig net 'n paar politieksefsugtige leiers.

Waarom is die werklike en voorwaardelike oorspronklike ooreenkoms tussen die H.N.P. en die Afrikanerparty nooit gepubliseer nie? Nou word oor en weer beskuldig en geen volksgenoot is in 'n posisie om te kontroleur nie. Vir my lyk die enigste oplossing dat die volk sonder die leiers byeenkom op 'n sentrale plek en besluit wat hulle wil hê gedoen moet word.

# Waardering

**Mnr. P. S. Jordaan, Ruspan, Kroonstad, skryf:** Graag wil ek langs hierdie weg my hartlike gelukwense oorbring aan die redaksie van ons Uniale Jaarblad wat so pas sy verskyning gemaak het. Ons is waarlik trots op hierdie prag-werk, en ek wil graag die hoop uitspreek dat hierdie boek in elke O.B.-huis gevind sal word. Mens wonder onwillekeurig hoe dit moontlik is om so 'n boek vir net maar 2/6 te verkoop. Die buiteblad is waarlik 'n pragwerk en strek die ontwerper daarvan tot eer. Die artikel van die Kommandant-generaal:

(vervolg in vorige kolom)

# Kerswense

Aan alle Brandwagte, leiers, offisiere en vriende 'n geseënde Kersfees en 'n gelukkige Nuwejaar. — **Komdt. Nicolaas Uys,** Heidelberg, K.P.

Kersgroete aan ons K.G., A.K.G. en al ons O.B.-vriende en vriendinne. — **J. L. Kleinhans,** Libertas, Hoofstraat, N. Paarl.

Mede-offisiere, Brandwagte en vriende, ek wens u 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe. — **Mev. J. C. C. Bekker,** De Bron, P.S. Gansvlakte, Oor Vryburg.

**H/Komdt. en mev. D. F. de Swardt** van Uitenhage wens die K.G. en gesin, elke offisier en Brandwag met hulle gesinne, die Personeel Voorslag (Edms.) Bpk., alle familiebetrekkinge en die hele Boere Volk 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe.

**A. en A. Bellingan,** Kirkwood, wens die K.G., A.K.G., alle offisiere en Brandwagte 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe.

Namens die O.B.-vroue van Gebied F wens ons ons Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, en ons Gebiedsleier, prof. H. M. van der Westhuysen, 'n geseënde Kersfees en sterkte vir die Nuwejaar. — **A. C. M. Mostert** (Hoofvrou, Gebied F).

Hiermee wens ek Generaal Japie Eloff, alle offisiere en Brandwagte (namens die vroue) van Generaalskap F1 'n geseënde Kersfees en voorspoed met die Nuwejaar. — **A. C. M. Mostert.**

Ons wens hiermee ons vriende(inne) veral die baie wat in Uniondale en Oudtshoorn woon, 'n baie geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe. — **Mnr. en mev. Fanie Schoeman,** Winburg.

Met beste wense vir 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar aan alle O.B.-offisiere en Brandwagte. — **Komdt. G. F. van Rensburg** (A15b1), Kakamas.

**Mnr. en mev. Jakobus van Rensburg,** Louisvale, wens die K.G., alle Brandwagte, oud-ge-interneerdes en ander vriende, 'n aller geseënde Kersfees en gelukkige Nuwejaar toe.

**Veldkt. en komdte. G. J. van Schalkwyk** wens die K.G., A.K.G., alle offisiere, Brandwagte en vriende 'n baie geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe. — Swartlaagte, Edenburg, O.V.S.

Graag wens ons ons kliënte 'n geseënde Kersfees en baie voorspoedige Nuwejaar toe.
**D.K.B.-GROOTHANDELAARS BPK.**
(Voorheen: Die Kopersbond Bpk.)
Keeromstraat 52,
KAAPSTAD. 15/12/2

Alle Brandwagte, ampsdraers en offisiere van ons hele Volksbeweging word hiermee 'n gelukkige Kersfees en 'n geseënde Nuwejaar toegewens deur **genl. J. A. Smith en gesin.**

**VOORSLAG.** — Die Direksie en personeel van Voorslag (Edms.) Bpk., wens alle offisiere, Brandwagte en ander getroue ondersteuners en lesers van „Die O.B.," en ook die adverteerders in ons blad 'n aangename Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe.

**Genl. en mev. Japie de Vos** wens alle mede-O.B.'s 'n geseënde Kersfees en 'n gelukkige Nuwejaar toe.

Aan alle Brandwagte en vriende 'n geseënde Kersfees en gelukkige Nuwejaar. Van: **J. P. le Roux en Gesin,** Calvinia.

**Mnr. en mev. N. J. Kotze,** Plot 22, Rodenbeck, Bloemfontein, wens al hul O.B.-vriende en kennisse 'n gelukkige Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe.

'n Geseënde Kersfees en 'n baie voorspoedige Nuwejaar word ons K.G., A.K.G., alle offisiere en Brandwagte van Generaalskap A15 toegewens. — **Genl. F. M. Joubert,** Kakamas. 15/12/2B

**Mev. S. G. Stander,** van Barrington, wens alle Brandwagte asook onbekendes dog mede-broers en -susters, heil en seënwense toe.

**Mev. C. Jansen en S. M. Jansen:**
(1) Ek wens die Sekretaris en personeel van Voorslag 'n gelukwensing toe. Baie geluk en voorspoed op die pad van Kersfees en Nuwejaar. Mag die Here u versterk in die werk op die pad waar Hy lei en op die regte pad van Suid-Afrika.
(2) Gelukwensing aan ons K.G., Hansie van Rensburg. Ek wil hom gelukwens in die stryd waardeur hy ons volk gelei het. Mag die Here hom krag gee om ons deur te lei op die pad van Suid-Afrika tot 'n vrye Republiek, 'n republiek nie geskoei op 'n Britse stelsel nie maar op die stelsel van President Kruger en President Steyn. Nogmaals baie geluk.
(3) 'n Gelukwensing aan Generaal Smith van die Ossewabrandwag, waar die Here hom altyd die moed gegee het, waar hy gestaan het aan die sy van die K.G. Soos hy altyd gestaan het aan die wonderlike lig waar die Here hulle langs gelei het. 'n Gelukkige Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar.
(4) Wens ek aan al die Offisiere en Brandwagte 'n gelukkige Kersfees en Nuwejaar.

Aan ons K.G., A.K.G., offisiere, Brandwagte en vriende: ons beste wense vir 'n geseënde Kersdag en 'n voorspoedige Nuwejaar. Van: **Danie Erasmus en gesin,** Biddulphsberg, Senekal.

Ek wens al my O.B.-vriende 'n geseënde Kersfees en baie voorspoediger Nuwejaar toe! Hou net moed! — **Mej. B. van Schalkwyk,** Middelpunt, P.K. Reitz.

Hartlike groete en heilwense vir die K.G. vir die aanstaande jaar. Mag Gods seën op al sy verrigtings rus. En ook baie geluk aan alle O.B.-offisiere en Brandwagte vir die aanstaande jaar. Ek dink ons moet maar vashou waar ons het, want alle veranderings is nie verbeterings nie. — **Z. H. J. van Staden,** P.K. Amalia.

Vredevolle Kersfees. Die toekoms lê voor. Voorspoed en sukses vir die Nuwejaar word die K.G., offisiere en Brandwagte hartlik toegewens deur **Van Stadens,** Goedehoop, Edenburg, O.V.S.

**Veldkornet N. P. M. Rademeyer en komdte. M. J. Rademeyer en gesin** wil graag langs hierdie weg die K.G., die A.K.G., alle hoë offisiere, ander offisiere en Brandwagte, H.N.P.- en V.P.-vriende in die Unie en Rhodesië 'n geseënde Kersfees en 'n baie voorspoedige Nuwejaar toewens. Gaan ons met die trek saam? Laat ons dan ook saamtrek. Eendrag maak mag. — „Vryheid," Karreedouw - Kommando, P.K. Essenbosch.

Ons beste wense vir 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar aan K.G., alle offisiere en Brandwagte. Van: **M. en J. A. Scholtz,** Hendrik Potgieterstraat 36, P.K. Oos End, Lichtenburg.

Ons wens alle O.B.-vriende 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar toe. Van: **Mnr. en mev. J. Viljoen en gesin,** Hoofstraat 96, Paarl.

Aan alle offisiere en Brandwagte 'n gelukkige Kersfees en 'n Nuwejaar van voorspoed en oorwinning vir ons Republiek. Laat ons verlede ons aanspoor tot die stryd wat ons Vaders begin het. Sal woed tot ons sterf of oorwin net. — **Komdt. P. A. J. van Dyk,** Hoogstraat, Napier, K.P.

Graag wens ek ons K.G., A.K.G., alle hoë en onder-offisiere en Brandwagte oor die hele Unie 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe. Asook ons eie kommando te Moorreesburg. Lank lewe die O.B. — **Veldkt. H. Baard,** Moorreesburg.

Mede-offisiere, Brandwagte en vriende ontvang ons beste wense vir 'n gelukkige Kersfees en 'n geseënde Nuwejaar. Van **Mnr. en mev. Thys Maartens,** Seekoegat, Cedarville.

'n Geseënde Kersfees en 'n baie voorspoedige 1949 wil ons toewens aan ons K.G., A.K.G., offisiere en Brandwagte. — **Genl. en mev. J. W. Meyer,** Rooiwal, Koppies.

'n Geseënde Kersfees en 'n baie gelukkige Nuwejaar vir al die O.B.-lede. Van: **Mev. Rina Basson,** Surita, Voortrekkerstraat, Porterville.

Aan alle Brandwagte, leiers, offisiere en vriende, die hede word gekroon deur die verlede. Voorwaarts! Dis Gods Wil. — **J. T. Fouché,** Skoenhospitaal, Napier, K.P.

'n Geseënde Kersfees en 'n gelukkige en voorspoedige Nuwejaar aan al ons O.B.-vriende. Van: **Komdt. en komdte. J. H. Theron,** Driefontein, Merweville.

**Komdt. en mev. H. F. Conradie** wil hiermee die K.G., A.K.G., alle offisiere en Brandwagte 'n baie geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toewens. Mag elke jaar ons nader bring aan die bereiking van ons doel en alle Afrikaners nader aan mekaar. — New Munster, Wolseley.

**Komdt. en mev. J. F. Theron,** Brandwag, Tulbagh, wens die K.G. en eggenote, offisiere en alle Brandwagte, vriende en familie 'n baie geseënde en gelukkige Nuwejaar toe. Ons pad is nog oop. So Brandwagte hou koers!

Hartlike Ossewabrandwag-groete en heilwense vir 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar vir mede-offisiere, lede en vriende. — **Gen. en mev. S. A. Marais.**

**BELLVILLE - DIENSTE,** Bellville, wens hiermee almal wat hom die afgelope jaar ondersteun het, te bedank en terselfdertyd sy hartlikste wense vir 'n gelukkige Kersfees en voorspoedige Nuwejaar aan hulle oor te bring. 15/12/1

**Mev. Annie de Wet,** Charlsholm, Collingwoodweg, Observatory, wens al haar vriende en O.B.-lede 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe.

**Mnr. en mev. E. Fahrenfort,** Parow, wens alle familie en vriende(inne) 'n geseënde Kersfees en gelukkige Nuwejaar toe.

**Mnr. en Mev. Frans Krynauw en hul seun** wens hiermee alle O.B.-lede en vriende 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe. — Port Elizabeth.

Hiermee wens **Dr. en mev. B. van Zyl,** Napier, alle mede-Brandwagte, vriende en pasiënte 'n gelukkige Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe.

**Komdte. Basson** van Stellenbosch wens ons K.G., A.K.G., Gebiedsleier en -leidster, asook haar offisiere en Brandwagte, 'n geseënde Kersfees en Nuwejaar toe op die Partylose Republikeinse Pad.

Ons wens alle offisiere en Brandwagte 'n geseënde Kersfees en gelukkige Nuwejaar toe. Van: **Komdt. J. Ras en gesin,** Riverdal.

**Mnr. en mev. J. R. Lategan,** Welgeleë, Constantia, wens al hul vriende en O.B.-lede 'n geseënde Kersfees en gelukkige Nuwejaar toe.

Ons bring ons hartlike gelukwense en Kers- en Nuwejaarsgroete aan alle offisiere en Brandwagte. — **Komdte. C. M. Kleynhans,** Uitskot, Vermaas.

Ontvang my beste O.B.-wense vir 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar. Groetend. — **Mev. M. J. M. Rothner,** Spes Bona, Villiersdorp.

Die **Wed. M. J. M. Rothner,** vroeër van Aardoorns, Rietbron: My beste wense aan die K.G., A.K.G. en offisiere en Brandwagte van die O.B. vir 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar.

Seënwense vir Kersdag en 1949. Staan pal soos in afgelope 10 jaar.—**Komdte. Gerneke en gesin.**

**A. T. Spies,** Zululand: Ons wens ons geliefde K.G., A.K.G. en hulle families, alle O.B.-offisiere en Brandwagte 'n geseënde Kersfees en baie gelukkige en voorspoedige Nuwejaar toe. Lank lewe die Ossewabrandwag.

**Mnr. en mev. D. F. Meyer,** Blomhoek, Tweeling, wens ons K.G., alle offisiere en Brandwagte, asook alle vriende(inne) 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe.

Die beste wense vir 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar aan alle offisiere en Brandwagte van Gebied F1. Van: **Komdt. en komdte. Wessels,** Soekmekaar.

**Hoofkomdt. C. J. B. van Coller,** Buffelsjachtrivier, wens offisiere en Brandwagte 'n geseënde Kersfees toe. Mag die grootste en skoonste verwagtings in vervulling tree met die Nuwejaar.

Ons wens ons geliefde K.G., A.K.G., offisiere en Brandwagte 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige 1949 toe. — **Mnr. en mev. J. H. van den Bergh,** Bus 43, Bothaville.

Ons dink met liefde aan Eric Holm te Baviaanspoort en sy verwyderde familie. Ons wens hulle 'n geseënde Kersfees en gelukkige Nuwejaar toe. Hou moed! — **Mnr. en mev. J. H. van den Bergh,** Bus 43, Bothaville.

Die K.G., A.K.G., sowel as my hoër offisiere, my veldkornette en Brandwagte, 'n geseënde Kersfees en gelukkige Nuwejaar. — **Komdte. A. Junghans.**

**Mnr. en mev. Paul Stemmet en gesin,** Wakkerstroom, Robertson, wens alle offisiere en Brandwagte 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe.

Ek wens die Sekretaris, mede-offisiere, Brandwagte en vriende 'n geseënde Kersfees en 'n gelukkige en voorspoedige Nuwejaar toe. Met hartlike groete van: **J. E. Bredenhann,** Voorbaat, Ladismith.

Die Komdt.-Generaal, offisiere, Brandwagte, vriende—groot en klein, hartlik geluk met Kersfees. Gods leiding en seën in die Nuwejaar u toegebid. — **H. en H.S. en Danie Brink,** Pastorie, Sutherland.

Aan alle offisiere en Brandwagte wil ek 'n gelukkige Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar toewens. Graag maak ek ook van hierdie geleentheid gebruik om al my O.B.-vriende en -vriendinne hartlik te bedank vir al die gasvryheid en vriendelikheid wat ek in die afgelope jaar van hulle almal geniet het. — **Genl. W. R. Laubscher,** Stellenbosch.

Dit is 'n aangename voorreg om weer langs hierdie weg al my mede-offisiere en Brandwagte 'n geseënde Kersfees en sterkte in die Nuwejaar toe te wens. Vir al die vriendelikheid en lekker swaarkry — vir al die opofferings — mag die nageslag in die toekomstige republiek vir u daarvoor hulde bring. — **Hoofgenl. Max Smuts,** Franschhoek.

Aan ons vriende van die O.B. en ons kamerade van die Boerejeug, beste wense vir 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar. — **Prof en mev. Dirk van Rooy.**

Aan alle offisiere en Brandwagte Laeveld-kommando's, Tzaneen en Mokeetzi, beste wense met Kersfees en Nuwejaar. Van: **Gideon J. van der Merwe en gesin.**

Offisiere, Brandwagte en vriende: hiermee wens ek u 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe. — **Jeugveldkt. J. A. J. Liebenberg,** Colenso (voorheen Opwag).

**Brandwag A. S. Zeeman,** Goudmyn, Robertson, wens die K.G., die A.K.G. (lank mag hulle lewe!), offisiere en Brandwagte toe 'n geseënde Kersfees en 'n jaar vol van geluk.

**Hoofkommandant Roelou Barry,** Robertson, wens die K.G., die A.K.G. en Brandwagte toe 'n geseënde Kersfees en gelukkige Nuwejaar.

**Generaal M. F. Smith,** Robertson. — Aan die K.G., A.K.G., Offisiere en Brandwagte 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar.

Langs hierdie weg wil ons graag ons ondersteuners 'n plesierige Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toewens. Baie dankie vir u ondersteuning in die verlede en ons vertrou dat ons ook u ondersteuning in die toekoms sal geniet.
**VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL**
**Langstraat 293**
**Kaapstad**
**Foon 3-0164**

# Rituele Moord Vir Watter Doel?

**Binne drie maande moet die volk na die stembus gaan om in gevolge 'n beroep van dr. D. F. Malan 'n uiters belangrike uitspraak te gee oor 'n saak wat in verband met die voortbestaan van die blankedom gebring word. Ons laat voorlopig die vraag of dit die regte prosedure is, buite rekening, en wil ons net bepaal by die feit soos dit deur die leier van die regerende party aan die volk gestel word.**

**Die regeringskombinasie sit in die gesamentlike parlement met 'n meerderheid van VIER stemme — die kleinste meerderheid wat 'n regering nog in ons parlementêre geskiedenis gehad het. Hierdie kleine meerderheid is bereik met die gesamentlike inspanning van alle nasionaalgesindes op uitsondering na van 'n geringe getal setels waar daar onenigheid bestaan het oor die houding van die H.N.P. teenoor die Ossewabrandwag.** Sommige setels is weens hierdie onenigheid verlore, en van alle kante is spyt oor hierdie feit uitgespreek ná die verrassende uitslag van 26 Mei. Een so 'n setel was Brakpan, waar 'n O.B. as kandidaat gestaan het.

Die volk het dus verwag dat almal hul les op 26 Mei geleer het en dat voortaan 'n nuwe gesindheid tussen nasionaalgesindes in die verskillende groepe sou ontstaan. **En met hierdie vooruitsig in gedagte het tienduisende O.B.-lede dwarsdeur die land by die Afrikanerparty aangesluit met die doel om hul kragte te kan inwerp aan die parlementêre front ten einde te verseker dat die nasionale oorwinning gekonsolideer sal word met die oog op 'n nuwe kragmeting later.**

**NIE GEWEET**

Maar hierdie O.B.'s was, net soos die volk, nooit bewus dat hulle deur die bondgenootparty nog steeds as politieke melaatses bejeen is en as sodanig behandel sou word **op die vooraand van 'n nuwe kragmeting** nie. Selfs toe dit in die afgelope weke begin deurskemer het dat van H.N.P.-kant nog steeds volhard word om hul vervolging van O.B.-lede in te ent op die Afrikanerparty, is hierdie vermoede met die grootste huiwering uitgespreek — **dit het eenvoudig ongelooflik geklink dat die H.N.P.-leiding op die vooraand van 'n verkiesing nog weer 'n stok in die byenes gaan steek.**

**ONGELOOFLIK**

**Sedertdien het die volk die ongelooflike skouspel moes gadeslaan dat 'n regerende party wat nog boonop van 'n bondgenoot afhanklik is vir sy bewind, openlik 'n nuwe twis**
(vervolg op bladsy 6, kolom 5)




„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"

Rembrandt-sigarette lyk *goed*, voel *goed*, smaak *goed* en rook *goed.*

Vir jare reeds is die uitsoek-tabak wat nou in Rembrandt-sigarette gebruik word sorgvuldig weggelê om te verouder want net soos wyn het tabak ouderdom nodig om tot volle rypheid te kom.

*Daarom* het so baie rokers oorgeslaan na

Rembrandt

ROOI VIR KURK GROEN VIR ONGEKURK

*„Die sigaret wat u altoos graag wou rook"*

Kopiereg. RA.9

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### VERLOWING

**MULLER—ESTERHUYSE.** — Hiermee wens ons tweetjies, Maria Esterhuyse, Klein Visrivier, Sutherland, en Myburgh Muller, Louwseplaas, Sutherland, aan familie en vriende(inne) bekend te maak dat ons op 27 November verloof geraak het. 15/12/1B

### HUWELIK

**KLUYTS—COETZEE.** — Mnr. en mev. G. Coetzee van Potchefstroom wens aan vriende en vriendinne bekend te maak dat hulle jongste dogter Nellie op 18 Desember 1948 in die huwelik tree met Willie Kluyts. 15/12/1B

**NEL—ESTERHUYSE.** — Die huwelik van Anna, dogter van mev. en wyle mnr. G. N. P. Esterhuyse, Paarl, met Jannie, seun van mnr. en mev. J. W. A. Nel, Noorder Paarl, vind plaas in die Ned. Geref. Kerk, Suider Paarl (D.V.), 25 Desember of 4-uur nm. Geen resepsie. Gelukwense en telegramme: Patriotstraat 19, Paarl. 15/12/1

### IN MEMORIAM

**THERON.** — Dit is al sewe jaar dat ons van jou geskeie is en tog is jy nog elke dag by ons. Kan jou nooit vergeet nie. Liefling van ons almal. — Ouers, broers en susters, Randgate. 15/12/1B

### BENODIG

**'N DAME** om 'n beginner (seuntjie van 7 jaar) te leer volgens goewermentstelsel, op plaas 10 myl van Barbertonstasie. Te begin na skoolvakansie. Salaris £15 per kwartaal, met vry inwoning. Genoeg bediendes. Applikant moet aan Christelike Kerk behoort. — **N. G. B. Kilian,** Posbus 129, Barberton. 8/12/4B

### HUIS TE HUUR

**DRIE KAMER-HUIS** vanaf 19 Desember tot 2 Januarie. Alle elektriese geriewe; naby stasie. — Doen aansoek by **Rawsonweg 4, Observatory.** 8/12/2

### BOME, PLANTE EN SAAD

**Goewermentsgesertifiseerde Groentesaad:** Chantenay Wortels, 10/-; Detroit Beet, 5/6. **Skorsies:** Klein Gem, 8/-; Lang Wit Bos, 8/6; Hubbard Groen, 8/6; Pasteipapoentjie, 8/-; Tom Watson en Wonder Waatlemoen, 12/-; Blaarslaai, 17/6; Marblobe Tamatiesaad, 35/-; Suiderkruis en Reliance Blomkool, 16/-; Spitzkopkool, 8/- per pond. Posvry. K.M.B. — **PREMIERS, P.K. Schoemanshoek.**

### MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

### MEDISYNE

**GRYSHARE** binne een maand tot natuurlike kleur herstel of geld terug, vry van kleurstof. Bevorder haregroei, verwyder skilfers. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. —**Die Boerevrou,** Posbus 7559, **Johannesburg.** 3/11/Nr.(3)

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

Vir die beste en duidelikste luidsprekerdienste op enige plek, asook vir versterkers, luidsprekers, mikrofone en parte — groot en kleinhandel — skryf aan: **P. D. SMUTS RADIO (EIENS.) BPK.,** Hoofstraat 287, Paarl. Foon 755. 15/9/48

### SKOENE

Vir die allerbeste mans- en kinderskoene en beter reparasies raadpleeg **Voortrekker-skoenhospitaal, Langstraat 293, Kaapstad.** Telefoon 3-0164. 13/10/12

### MOTOR TE KOOP

**D.K.W.:** Staalbak, 1938 Model, toestand redelik goed, £130. — Skryf aan **D.K.W.,** Posbus 141, Kaapstad. 15/12/2B

### TE KOOP

**„ATLAS" - vragmotorbakke,** sleepwaens, druiwebakke, ens., gebou na u bestelling; asook die verpakking van meubels, oprigting van kantoorrakke en -afskortings; die bou van houthuise („bungalows"). In kort, enige soort houtwerk word onderneem en uitgevoer deur 'n deskundige vakman. — Raadpleeg **NICK NEETHLING, Lady Greystraat, Paarl. Foon 1253.**

**BEESTE:** Opreggeteelde Jerseybeeste uit die beste bloed en melk-rekords. Koeie en verse. — **Zeeman,** Robertson. 1/12/TK

**GEDROOGDE VRUGTE.** — Barrymerk gedroogde vrugte posgeld betaald in Unie, in 5 en 10 pond-kissies. Appelringe 3-Diamant, 2/1; Perskes, 3-Diamant, 2/1; Pere, 3-Diamant, 2/1; Vye, 4-Diamant, 2/3; Pruimedante, 50/60, 1/8½; Rosyne, 3-Diamant, 10½d.; Tros-Rosyne, 4-Diamant, 1/3; Okkerneute, 2/3; Amandels, 1/9; per pond. Volledige Pryslys verkrygbaar van Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

**GESUIKERDE VRUGTE.** — Barrymerk gesuikerde vrugte, 8/6 per sès 1 pond-pakkies of 6/3 per 5 pondkissie, posgeld betaald in Unie. Kontant met bestelling. Ons stuur ook gesuikerde en gedroogde vrugte ten behoewe van kliënte aan vriende oorsee. Verdere besonderhede verkrygbaar by Die Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

**MOTORKISTE,** verskillende groottes. Planke met voeë en ¾ dm. dik. Geskik vir plankvloere in buitegeboue en boudoeleindes. Vir mate en pryse doen navraag by **Nick Neethling,** Lady Greystraat, Paarl. Foon 1253. 8/12/TK

**SOUT:** Brandwagte daar my man blind is en om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Ek laai bestellings dadelik as weersomstandighede dit toelaat. Kom aan Brandwagte sit skouer aan die wiel en help u mede-Afrikaner. A I 80/- sneeuwit, no. I 70/- wit, no. 2 60/- per ton. Sneeuwit botter sout 6/- per 100 pond. Vry gelaai. Soutwerke adres: Komdte. Mevr. Martie Venter, Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 17/11/x8.T.K.

**SPEELGOED. — Spesiale pakkies vir seuns en dogters:** Die volgende pakkies vir dogters: (1) Een inkleurboek, 1 uitknipboek, 1 dosie kryt en 6 ballonne, **4/6.** (2) Vier verskillende plastieke poppe teen **4/-.** (3) Een plastieke teeservies, 1 stootwaentjie, 1 stoeltjie, 2 poppies en 6 ballonne, **5/3.** (4) Een metaal-teeservies, 1 inkleurboek, 1 dosie kryt, 1 uitknipboek, 1 prenteboek, 2 poppies, 6 ballonne, **8/6.** (5) 1 plastieke poppie, 1 bedjie, 1 speelhokkie, 1 stootwaentjie, 1 stoeltjie, 1 inkleurboek, 6 ballonne, **9/6.**
**Pakkies vir seuns:** (1) 1 plastieke skuitjie, 1 plastieke karretjie, 1 motorfiets, 1 plastieke fluitjie, 1 waentjie, 6 ballonne, **5/-.** (2) Een plastieke driewiel, 1 plastieke motorfiets, 1 stoomroller, 1 tol, 1 pakkie albasters en 6 ballonne, **4/6.** (3) Een plastieke stoomroller, 1 sementmenger, 1 plastieke motor met sleepwa, 1 plastieke motor met meubelwa, **6/6.** (4) Verrassingspakkies, **5/-.**
**Vir Dogters:** Slaappoppe, 32/6, 47/6; egte rubber Wettum-poppe met suigbottel, 11 duim, 22/6; soliede poppies, 6 duim, 6/-; handsakkies vir dogters, 5/-, 5/9 en 6/9 elk; plastieke poppies, 5½ duim, 3/9 elk; rubber-poppe met fluitjies, 6/6 elk.
**Vir Seuns:** Plastieke vragmotors en motorkarre, 6/- elk.
**Spesiale aanbod:** Prix-konstruksiestelle, dele A, B, C, D, en F, volledig, 17/6; motor, 11/-; Duitse mondfluitjies, 7/6, 8/-, 9/-, 10/-. — Alles posvry. — **BELLVILLE-DIENSTE, Posbestellingsafdeling, Posbus 59, Bellville.** 8/12/2

**STEENMAAKMASJIENE.** — „Kleine Wonder" vir die maak van standaard grootte sementstene van 9 dm. x 4 5/16 dm. x 3 dm. teen £30, of £20 sonder voetstuk. Luukse modelle teen £5 ekstra. V.o.s. Hopefieldstasie. Handelsnavrae word verwelkom. Om besonderhede en illustrasies skryf aan: **Kleine Wonder Steenmasjiene (S.A.) Agentskappe,** Posbus 18, Hopefield, K.P. 18/8/T.K.

**SUIWERGETEELDE Bruin Kelpieteef,** 3 jaar oud. Prys £2. Geen foute. —**S. Marais,** Roode Wal, Cradock. 15/12/1B

**Vir International Vragmotor,** 1937/38 model, ewenaar („differential") met rollers — kompleet, en een agteras. Skryf aan **Nicolaas Uys,** Slangrivier, Heidelberg, K.P. 15/12/1B

### TE KOOP GEVRA

**Ou motorbatterye en verkoelers.** Ons betaal 3/- elk K.B.A. Stuur aan **Nick Neethling,** Lady Greystraat, Huguenot. Vir meer dan 50, bel 1253, en ons kom haal. 8/12/TK

### BETREKKING VAKANT

**BESTUURDER**

Aansoeke vir bogenoemde betrekking in die Waterbergse Ko-operatiewe Handels Vereniging Beperk word deur ondergetekende ingewag tot 13 Desember 1948.

Applikante moet ten volle tweetalig wees en moet meld kwalifikasies, ouderdom, huwelikstaat en vroegste datum waarop dienste aanvaar kan word. Vorige ondervinding van handel in Ko-operatiewe Handelsverenigings sal 'n aanbeveling wees.

SALARIS: £600 x £30 x £900 per jaar plus lewenskostetoelae; vorige ondervinding sal in ag geneem word by die vasstelling van aanvangsalaris.

Van die suksesvolle applikant sal verwag word om deel te neem aan die Vereniging se pensioenskema. Ten minste twee gewaarmerkte afskrifte van onlangse getuigskrifte moet ingesluit word.

**Die Voorsitter,**
W.K.H.V.,
Posbus 62,
NYLSTROOM.

### BETREKKING VAKANT

**AANSOEK:**
**HOOFKLERK MANSAFDELING**

Aansoeke vir bogenoemde betrekking word ingewag deur ondergetekende tot 21 Desember.

Applikant moet ten volle tweetalig wees en moet meld kwalifikasies, ouderdom, huwelikstaat en vroegste datum waarop dienste aanvaar kan word. Vorige ondervinding in 'n Mansafdeling noodsaaklik.

Salaris £312 x £24 x £600 plus lewenskoste volgens vasgestelde skaal plus £3 aan getroude persone.

Van die suksesvolle applikant word verwag om deel te neem aan die Vereniging se pensioenskema. Ten minste twee gewaarmerkte afskrifte van onlangse getuigskrifte moet die aansoek vergesel.

**Die Voorsitter,**
W.K.H.V.,
Bus 62,
Nylstroom.

## Ons Lesers:

## BERLYN

„Gereelde Leser", Kaapstad, skryf: 'n Paar maande gelede het die Paryse korrespondent van 'n Britse maandblad sy menings oor die toestand in Berlyn geskilder wat min of meer daarop neerkom dat die huidige toedrag van sake in die Duitse hoofstad van intimidasie deur die Russe en proteste deur die V.S.A., Brittanje en Frankryk, waarskynlik sal voortduur totdat die ou oorlogsvoorrade teen 'n mooi wins van die hand gesit is. Nadat goeie profyte gemaak is, sal die Westerse moondhede dan waarskynlik uit Berlyn padgee „terwille van die vrede."

Terwyl daar tans 'n soort van vulkaniese uitbarsting in Engeland plaasvind met die geregtelike ondersoek na beweerde omkopery en korrupsie van Britse parlementslede en hoë amptenare van die staat, kom daar nou die berig van 'n verdere ondersoek wat Scotland Yard instel in verband met die verdwyning van miljoene ponde se oorlogsvoorrade in Duitsland. Dit word beweer dat allerhande voorrade onwettig verkoop is en dat fortuine daardeur deur sommige gemaak is.

Beteken dit dat die tyd nou nader wanneer die Westerse moondhede in Berlyn vir die Russe sal padgee?

**PLUIMVEE**
Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
**C. M. ELOFF EN KIE.**
(Edms.) Bpk.
MÔREMARK (Posbus 7185) Newtown

**WAPENS EN AMMUNISIE**
van alle soorte
Groot voorraad .22-Gewere
★
**Manie de Villiers,**
**Plaza-Toiletsalon,**
Voortrekkerweg 102A - PAROW
Telefoon 98-9161
28/8/TK

**RADIOTRONICS**
(A. Perold en P. Brink)
Vir herstel en koop van
**ELEKTRIESE APPARAAT**
(Onderneem ook yskasherstelwerk, ankerontwikkeling en lê van kabels in huise en fabrieke)
Hoofstraat BELLVILLE
Foon 97-9114.

**VERVOERDIENS**
*Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met*
**J. A. STRAUSS**
Posbus 64 - - Telefoon 9-8355
PAROW

**DAMESHOEDE,**
*modieus en deftig,*
by
**Steyns**
Die Modewinkel
PAROW

**SARIE MARAIS MODEWINKEL**
**Wesleystraat 56 - STRAND**
(REGOOR BIBLIOTEEK)
★
**DAMES—**
Wanneer u STRAND-toe kom besoek ons. U sal dit die moeite werd vind.
● STRANDDRAG
● DAGTABBERDS
ELKE ROK SPESIAAL UITGESOEK

## BOEREJEUG:

# Boerejeug Sluit Af Met 'n Kersboom

**Op Woensdagaand, 8 Desember, het die Boerejeug van Kaapstad-Sentraal gesellig saam verkeer met hul ouers en vriende toe hulle hul jaarlikse werksaamhede afgesluit het met 'n kampvuur en 'n kersboom, bo-op Kloofnek. Veldknt. J. du Toit wat die gaste welkom geheet het, het gewag gemaak van die toenemende belangstelling van die kant van die ouers.**

'n Mooi kampvuur-program wat bestaan het uit gesamentlike sang, voordrag-nommers en musiek, het die opgewekte stemming verhoog. Die kersboom wat vrolik versier was het indrukwekkend vertoon teen die ope sterrehemel.

Die jaarlikse prysuitdeling is waargeneem deur Oom Koos Visser. Die pryse vir getrouheid is oorhandig aan Freddie Smuts en Rian Visser. Die wisselbeker is hierdie jaar deur die Rooikatte, (Korporaalskap vir seuns onder 13 jaar) verower.

Die hoogtepunt van die aand is bereik toe Vader Krismis sy verskyning gemaak het en aan elkeen 'n mooi geskenk oorhandig het.

Verversings is bedien waarna daar volkspele gespeel is. Die genoeglike aand is afgesluit met die sing van „Die Stem."

Die Boerejeug wil graag van die geleentheid gebruik maak om al die belangstellende ouers en vriende te bedank, asook die Kaapstadse Manne- en Vroue-O.B.-Kommando's wat die fondse beskikbaar gestel het vir die aankoop van die geskenke en mnr. Hertzog Olivier wat veel bygedra het tot die sukses van ons funksie. Baie dankie ook aan die Kaapstadse Stadsraad wat vir ons gratis elektriese ligte op die terrein aangelê het en die boom gratis verskaf het. —(Ingestuur).

## Wie Kan Sê?

1. Wie was die vader van Totius, en waarom onthou ons hom?
2. Van watter ander vroeë taalstryders weet u?
3. Watter bond is op 14 Aug. 1875 gestig om die regte van die Afrikaanse taal te verdedig?
4. Wat was die naam van die blad wat uitgegee is onder redaksie van ds. S. J. du Toit en dieselfde doel nagestreef het?
5. Watter drie groot Afrikaanse skrywers was leerlinge van die Hugenote gedenkskool (die eerste Afrikaans-Christelike skool)?
6. Wie het vir ds. Du Toit gevra om na Transvaal te kom as Superintendent van Opvoeding?
7. Wie was „Oom Jan wat Versies maak"?
8. Wie het die eerste aan die Brits en Buitelandse Bybelgenootskap voorgestel dat die Bybel in Afrikaans vertaal sal word?
9. Wie het hy vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans aanbeveel?
10. Wie was dr. O'Kulis?

(ANTWOORDE OP BLADSY SEWE)

(vervolg van bladsy 5, kolom 5)

**aan die gang sit met lede van sy bondgenoot, en vir die doel voorwendsels moet fabriseer omdat daar andersins vir hom geen grond bestaan om te twis nie.**

Die O.B. se gepubliseerde beleidstukke en verklarings dat hy nòg nasionaal-sosialisties nòg ten gunste van 'n diktatuur is, kon nie verhoed dat dr. Malan en sy pers op die vooraand van 'n verkiesing wat glo moet gaan oor die blankedom se voortbestaan, 'n nuwe twis loslaat omdat die O.B. dan vir 'n diktatuur sou staan!

### GEEN BEGINSELS

Die feit dat dr. Malan van hierdie verklarings, soos o.a. die een van die Grootraad in 1947 wat elders in die blad verskyn, geen notisie wil neem nie, maar in stryd daarmee die O.B. beveg omdat hy (dr. Malan) beweer dat hy 'n diktatuur nastreef, is genoegsame aanduiding dat in hierdie nuwe stryd beginsels geen beweegrede vorm nie. Die sogenaamde „beginselverskille" is blote versinsels wat as rookskerm moet dien vir ander oogmerke — oogmerke wat nie ongecamoufleerd aan die volk gestel kan word nie. Die vraag is: wat is daardie oogmerke wat dr. Malan wil bereik en waarvoor hy die O.B. nou wil slag?

**Solank dr. Malan die O.B. beveg op die valse grond dat hy 'n diktatuur nastreef, solank sal ons moet aanneem dat ons hier te doen het met 'n rituele moord op politieke gebied. En dan bly die vraag: Wat is werklik dr. Malan se oogmerk met hierdie nuwe twis drie maande voor 'n verkiesing oor „blank Suid-Afrika" — 'n twis waartoe die O.B. geen aanleiding gegee het behalwe om sy kragte ook aan te bied in die stryd?**

**BARTELS**
VIR DIE BESTE
**LEKKERS**
Vir Kersfees
●
*Kom geniet ook u Maaltye by*
*BARTELS*
●
ENIGSTE ADRESSE:
★ Pleinstraat 96-98
★ Kerkstraat 9
★ KAAPSTAD

**DEFTIGE SKRYFPAPIER** — vir u persoonlike korrespondensie, of vir klein presentjies aan u vriende. Dit kos so min — dit beteken so veel. Netjies verpak in aantreklike dose.
★
„Egerton Wove," lig blou papier — vir alledaagse gebruik (met bypassende koeverte) .. .. .. .. .. .. 3/- per doos.
„Petersburg 1850," lig blou of grys papier. Die regte papier vir uitnodigings en bedankings (met bypassende koeverte) .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. 6/- per doos.
„Foreign Mail," uiters smaakvolle papier in Wit, Grys, Blou of Bruin — vir persoonlike presentjies (met bypassende koeverte) .. .. .. .. .. .. .. .. .. 7/- per doos.
**BESTEL VAN:**
**SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.**
Telefoon 2-7071 - Groote Kerkgebou - KAAPSTAD
★ ALLE SKRYFBEHOEFTES VOORRADIG ★

DIE Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 15 DESEMBER 1948

# Hoe Die Voortrekkers Geëet Het

In die vakansie eet mens mos altyd meer as gewoonlik, en veral tydens Kersfees en Nuwejaar moet ons oppas om nie die perke van matigheid te oorskry nie. Maar vóór ons Kersfees vier, herdenk ons die Slag van Bloedrivier op 16 Desember 1838, en gaan ons gedagtes dan ook terug na die dae van die Groot Trek en die Voortrekkers. En dan wonder mens dikwels hoe hulle Kersfees en Nuwejaar gevier het — wat het hulle geëet en waarmee?

### EETGEREEDSKAP

Met sulke feestelikhede het hulle natuurlik allerhande ekstra lekkernye gehad, en is die fyn porseleinware wat so sorgvuldig gebêre is, uitgehaal. Sulke breekgoed is nog in die Voortrekker-museum te Pietermaritzburg en hier en daar by privaat mense te sien. Dis meestal blou van kleur met die bekende wilgerpatroon of patrone van druiwe, swaeltjies, blare en blomme daarop. Hierdie breekgoed het altyd 'n mooi groot vleisskottel ingesluit, borde, koppies en pierings, melkbekertjies, souspotjies, ens. Ronde porselein-kommetjies was ook baie algemeen en is gebruik om uit te drink — die 1938 Eeufeeskommetjie is volgens hierdie model gemaak.

Maar dis te begrype dat sulke fyn breekgoed nie lank sou hou as dit elke dag op trek gebruik sou word nie. Waar dit op trek saamgeneem is, was dit werklik spoggoed en slegs met die doel meegeneem om gebruik te word as daar weer eendag 'n vaste verblyfplek gevind is.

### TIN-SKOTTELGOED

Koppies en pierings is dus maar min gesien. Koper- of erde-kommetjies is in plaas daarvan gebruik om uit te drink. Die borde en lepels was van tin en wanneer dit deurgeslyt was, is dit opgesmelt vir geweerkoeëls. Tafelmesse was in die begin besonder skaars, sodat die Voortrekker sy sakmes moes gebruik om sy vleis stukkend te sny.

Die tafels was maar klein (vir vier of ses mense) omdat die ruimte in 'n kakebeenwaentjie baie beperk was. Daarom ook, is maar van veldstoeltjies gebruik gemaak. Sommige mense het egter pragtige stelle stoele uit die Kolonie saamgeneem. Op trek is tafels en riempiestoele van geelhout en stinkhout gemaak. Verder is die wakis natuurlik ook gebruik om op te sit.

### KINDERS BLY SONDER SUIKER

Vleis, brood, melk, mieliepap, aartappels, patats, pampoene, wortels, gestampte mielies, en gestampte koring was die alledaagse spyskaart. Mieliepap het meestal ook met aandete op die tafel verskyn. Boontjies, ertjies, en waatlemoene is ook taamlik baie geplant. Suiker was egter 'n weelde-artikel en net die ou mense het dit gekry — die kinders moes alles eet sonder suiker. Hierteen sal meer as een vandag seker hewig protesteer, né?!

Die kinders is baie streng behandel, en aan tafel het die ou gesegde gegeld: „Kinders moet gesien maar nie gehoor word nie." Hulle het dus maar net geëet om klaar te kry, en as daar gaste was, moes hul wag totdat die grootmense klaar geëet het. Ná ete het hul vir Moeder help tafel afneem en die eetkamer aan kant maak.

Selfs die grootmense het egter nie veel gesels aan tafel nie. Die seën is meestal as volg gevra: „Zegen, Vader, hetgeen wij eten en laat ons nimmer U vergeten. Amen", en die danksegging: „Voor spijs en drank zeggen wij U lof en dank. Amen."

# Penmaats

In 'n briefie wat ons weer van Hannie Ferreira van Tweerivier ontvang het, vra sy of hulle deur middel van „Die Boerejeug" vir penmaats mag vra. Sy skryf onder meer: „Dit het by ons baie lekker gereën. Ons het toe 'n suksesvolle O.B.-dag gehad Ons meisies het teen die seuns tougetrek en die jong seuns teen die ouer mans. Ons paar meisies wil graag weet of ons ook penmaats vir die O.B. kan instuur"..

Ja, Hannie, julle is welkom om julle name, adresse, en ouderdomme te stuur. Ons plaas dit dan in 'n spesiale rubriek en vra maats van omtrent dieselfde ouderdom om vir julle te skryf. Enigeen wat graag 'n Boerejeugpenmaat wil hê is welkom. Dan kan julle ook mos lekker Boerejeugsakies in jul briewe bespreek, Boerejeugnuus vir mekaar skryf, en mekaar baie handige wenke gee, asook allerlei dinge vir julle plakboeke. Rig die briewe maar aan: Boerejeug-hoofkwartier, Posbus 1059, Pretoria.

O ja, en Hannie stuur vir die plakboeke weer 'n paar reseppiespies — soek dit maar elders op hierdie bladsy.

## Antwoorde op „Wie Kan Sê?"

1. Ds. S. J. du Toit van die Paarl, groot kampvegter vir die Afrikaanse taal en grondlegger van die onderwys in Transvaal.
2. C. P. Hoogenhout, ds. G. W. A. van der Lingen, Arnoldus Pannevis.
3. Die Genootskap van Regte Afrikaners.
4. „Die Patriot".
5. Totius, D. F. Malherbe, en A. G. Visser.
6. Pres. Paul Kruger.
7. C. P. Hoogenhout.
8. Arnoldus Pannevis.
9. Ds. S. J. du Toit.
10. Ds. W. Postma.

## 'n Geseënde Kersfees

**Nou dat die eksamens verby is, die vrugte ryp, en die vakansie reeds hier, kos dit nie veel om plesierig te wees nie, né? Elkeen wat in die jaar sy plig gedoen het, op skool, in die Boerejeug, tuis, en op alle ander plekke waar hy verantwoordelikhede gehad het om na te kom, sal nou seker ook al voel dat hy 'n vakansie verdien, en sal die vakansie dan ook waardeer en die maksimum genot daaruit put! „Die arbeider is sy loon werd," sê Salomo.**

**Aan almal wil ons egter sê: 'n Baie aangename vakansie, en rus goed uit vir die jaar wat voorlê, want ons gaan daarvan mos 'n NOG groter sukses maak as van hierdie een!**

### DINGAANSDAG

**Die vakansiegees is egter dikwels die oorsaak dat ons Dingaansdag nie deurbring soos dit hoort nie. Ons mag daardie dag nie sommer so onverhoeds laat verbygaan nie! Selfs al is daar nie 'n Dingaansfeesviering binne ons bereik wat ons kan bywoon nie, dan kan ons DEUR GEDAGTE, WOORD EN DAAD TOON DAT DIE GELOFTE WAT OP 9 DESEMBER 1838 TE DANSKRAAL GEMAAK IS, OOK VIR ONS GELD EN VIR ONS ERNS IS.**

### KERSFEES

**Daarna volg Kersfees en Nuwejaarsdag. Mag julle die feesdae werklik geniet, gedagtig aan die grootse betekenis wat Kersfees vir ons inhou. Dis eers wanneer ons vir iemand wat daar niks van weet nie, probeer verduidelik waarom ons Kersfees vier, dat die wesenlike betekenis en werklikheid van die gebeurtenis tot ons deurdring, want ons is tog al SO gewoond aan die Kersgeskiedenis!**

**En nou wonder ek hoeveel van ons bediendes en plaasvolk die betekenis van „Krismis" begryp — kom ons vertel vir hulle op 'n mooi eenvoudige manier, en kyk dan wat dit vir onsself beteken.**

# JEUG EN LEIERS SLUIT JAAR SAAM AF

**Die Boerejeug van Pretoria het vanjaar hul werksaamhede afgesluit by wyse van 'n gesellige eetmaal in die Afrikaanse Koffiehuis, Pretoria. As ere-gaste het hulle uitgenooi hulle Leier, prof. en mev. Dirk van Rooy, die K.G. en mev. Van Rensburg, en Oom John en Tannie Vorster van Brakpan.**

Ander gaste vir wie 'n plek aan die hooftafel gereserveer was het ingesluit dr. Jan Steyn, L.V., Gebiedsleier van E, genl. Opperman, genl. en mev. Steyn Jordaan van Kroonstad, prof. L. J. du Plessis en genl. Herold van Springs. Prof. H. M. v. d. Westhuysen wat vergesel was van mev. Van der Westhuysen het as seremoniemeester opgetree.

Die K.G. en Jeugleier het deur 'n goed afgerigte erewag van Boeredogters die vol saal binnegekom, terwyl die Jakaranda-Jeugorkes gespeel het „Ons is Kamerade".

Genl. Herold wat die heildronk op die K.G. en die O.B. ingestel het, het veral die K.G. geloof vir die duidelike leiding wat hy aan ons gegee het gedurende die stormtydperk van die afgelope 8 jaar en verklaar dat hy aan geen ander man in S.A. kan dink wat 'n beweging soos die Ossewabrandwag kon lei in hierdie jare nie.

Hierna het hfkomdt. Vale Ferreira 'n adres namens al die oud-politieke gevangenes aan die K.G. voorgelees waarin hulle hom bedank vir sy troue ondersteuning van die verlede en vir die inspirasie wat hulle tot in die dodesel van hom ondervind het. Hulle het opnuut hul onverdeelde trou aan hom bevestig. Die K.G. het nou kortliks geantwoord en gesê dat hy nie woorde kan vind om te antwoord op die adres van oudgevangenes nie.

Verder het die K.G. ook die heildronk op die Jeugleier, prof. D. J. van Rooy, ingestel, en verklaar dat hy nie aan 'n beter, meer Godsdienstige en beginselvaste leier vir die Boerejeug as prof. Van Rooy kan dink nie. Hy weet dat prof. Van Rooy die Boerejeug se belange eerste stel. **Hy doen dan ook met groot vrymoedigheid 'n beroep om geldelike skenkings vir die Boerejeug en bemaak self 'n lewenspolis van £500 aan die Jeug met die hoop dat ander vriende van die Boerejeug nou of in hul testamente aan die jeug sal dink.**

In sy antwoord het prof. Van Rooy gesê dat hy en die K.G. in die verlede miskien dikwels verskil het oor sekere sake. Hy is egter bly om te kan sê dat hy later besef het dat die K.G. tog reg was en hy verkeerd. Hy het hulde gebring aan oud-jeugoffisiere en o.a. melding gemaak van wyle Jeughoofkommandant Andries van Heerden en van die leidende aandeel wat hy geneem het met die stigting en opleiding van die Boerejeug dwarsdeur die land. Hy het ook met waardering die naam genoem van genl. M. M. Smith wat 'n groot rol in die Boerejeug gespeel het, en verder alle ander offisiere dwarsoor die land wat nog steeds trou staan en altyd hul pligte teenoor die jeug stiptelik nakom. In hierdie verband verdien jeughoofkommandant P. J. Taljaard spesiale vermelding vir die opofferende en onbaatsugtige dienste wat hy steeds ten behoewe van die Jeug lewer.

Aan sowel mev. Van Rensburg as mev. Van Rooy is pragtige ruikers aangebied. 'n Kollekte by die deur het die mooi bedraggie van £14 10s. opgelewer ter stywing van die Jeugfondse. —(Korr.)

ANDER BOEREJEUGNUUS op bladsy 6

# ONS BLOKKIESRAAISEL



**DWARS:**

1. 'n Soort Geweer.
9. Dit doen 24 dwars.
10. Die vuurspuende berg op Ysland.
11. Een van die ou gode.
12. Nes.
15. Nie Boer nie.
17. Bevestigende antwoord.
18. Wat oorbly.
20. Gedeel (anagram).
22. Lidwoord.
23. Koorsang.
24. Persoon wat pyn verduur.
25. Die wiegliedjie sê: „. . . byt hy jou neus af en . . ."
26. Nederduits Gereformeerde.
28. Afwykende godsdienstige groep.
31. . . . en dat.
32. Presies.
33. Doek (anagram).
35. „Gee ons die vroue, . . . . in hul wandel".
36. Ontspanningsplek.

**AF:**

2. 'n Bekende gedig van Jan Celliers is getitel „Dis . . ."
3. 'n Afrikaanse kinderheld.
4. Magistraatswoning.
5. Mohammedaan wat Mekka besoek het.
6. Argitek van Voortrekkermonument.
7. Puntdigter.
8. Na bewering die Afrikaner wat Victoria watervalle ontdek het.
13. Wafel.
14. Dieselfde as 25 dwars.
16. Iets waar dit bykom is nie goed nie.
19. „Myne", of „My . . ."
20. Beleefdheidsbetuiging.
21. Dit moet ons ons ouers en meerderes bewys.
27. 'n Baie kwaai straf.
29 Afsloof.
30. Nie 'n outoriteit nie.
33. Dit pas by 'n perdekar.
34. Bid (in Latyn).

# Selfverloëning Van Mnr. Havenga Voorkom Breuk

**In die stryd wat deur dr. Malan teen mnr. Havenga en die O.B. ontketen is, het laasgenoemde opnuut geopenbaar dat hy vandag die groot leier is wat die volk ver bo sy eie party stel. Toe dr. Malan voor die algemene verkiesing gedreig het om die samewerking in nasionale geledere skipbreuk te laat ly deur sy eis dat O.B.-lede wat selfs hoofbestuurslede van die A.P. was, nie as kandidate mag staan nie, het mnr. Havenga die eenheid bewaar selfs al het dit die bestaan van sy party op die spel gesit.**

**Hy het naamlik 'n beroep op O.B.-lede gedoen om ten spyte van diskriminasie teen hulle tog die ooreenkoms na te kom of so nie uit die A.P. te bedank „liewer as dat van ons gesê moet word dat ons nie ons woord nagekom het nie."**

Volksbelange bo partybelange was mnr. Havenga se wagwoord. **Mnr. Havenga het liewer volgelinge verloor as dat die volk 'n verkiesing moes verloor. Dit is staatsmanskap.**

En hierdie staatsmanskap het mnr. Havenga weereens verlede week geopenbaar. Dit is duidelik dat dr. Malan hom wou forseer om uit die koalisie te stap nadat hy geweier het om met die H.N.P. op hierdie stadium saam te smelt. Daarom het hy hom so kras ingemeng in mnr. Havenga se partysake deur aan hom voor te skryf dat sekere van sy party-voormanne nie as kandidate vir die provinsiale rade mag staan nie. **Dr. Malan self sou so 'n inmenging nie vir 'n oomblik geduld het nie — dit het hy in 1941 bewys toe hy geskeur het net omdat dr. Van Rensburg gepleit het dat daar nie teen sekere H.N. Partylede gediskrimineer moet word nie.**

### SETELS VIR EENHEID

Maar mnr. Havenga het nog nie gedoen wat dr. Malan blykbaar van hom verwag het nie. Hy het eenvoudig afstand gedoen van sy party se setels in die provinsiale raad, en aangekondig dat hy nog by dr. Malan staan sover dit die parlement, en dus die regering van die land, betref. **Mnr. Havenga is nie bereid om terwille van gekweste eer — selfs wanneer kleinere manne hom so te sê tot leuenaar maak — die regering in genl. Smuts se hande te laat val nie.**

Mnr. Havenga het reeds baie — vir 'n eerbare en konsekwente leier soos hy, reeds selfverloënend baie — toegegee om samewerking moontlik te maak.

### VOLK BO PARTY

Mnr. Havenga het die bewys gelewer dat die volk vir hom meer is as sy party. Tot sover het die H.N.P.-leiers in gebreke gebly om dieselfde te bewys.

Hulle het hul so pas bereid getoon om samewerking te laat skipbreuk ly en die volk sodoende uit te lewer aan sy vyande net ten einde te verhoed dat twee of drie O.B.-lede in die niksbeduidende provinsiale raadjies sal sit.

**As maar net twee O.B.'s uit die Kaaplandse Provinsiale Raad, met sy 55 verteenwoordigers, geweer kan word, dan kan samewerking — en oorwinning — na die grootjie gaan! So doen volksmanne nie!**

Mag mnr. Havenga se grootmoedigheid betyds besinning bring!

# „KAMERADE, STAAN BYMEKAAR!" — K.G.

**Die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, rig onderstaande oproep aan lede van die Ossewabrandwag:**

**Manne en vroue van die Ossewabrandwag, Boerejeug! Uit die partypolitiek skyn daar weer nuwe onheil vir die eengesindheid van die Afrikaner te dreig. Ons taak is om sorg te dra dat daardie twistighede nie die kameraadskap en die liefde van die Ossewabrandwag ondergraaf en aansteek nie.**

**Baie van ons is lede van een van die twee betrokke partye; weens 'n verbodsbepaling op lidmaatskap in die ander party is min van ons daar betrokke. Baie het geen partytrou nie, omdat hulle aan geen party behoort nie. Die O.B. self het natuurlik geen partypolitieke strewe nie.**

**Daar staan dae van verwarring voor maar een ding het ons in tien jaar se stryd en noodhulp en vervolging terdeë geleer, naamlik dat die trou en die kameraadskapsbande van die Ossewabrandwag swaarder weeg as meningsverskille. Waar u van u broer mag verskil in die komende dae, verskil daar as broer en neem aan dat hy bedoel dit net so opreg en net so eerlik met sy volk as wat jy dit bedoel. En die gefluister en die haataanblasing teen broer en suster met stories van „Vrymesselaarsbriewe" en nagtelike besoeke en omkopery . . . . bejeen dit met die veragting wat dit verdien en wat dit in die oë van die geskiedenis ongetwyfeld sal ontvang.**

**Die Eerste Minister stel die eis dat die Ossewabrandwag moet ontbind! Sy voorganger het dit ook gedoen . . . . meermaals!**

**Die weerklanke van die polisie- en tronkselle van tien jaar se stryd antwoord hom: Lank lewe die Ossewabrandwag!**

# WIL KEEROMSTRAAT SAPPE MAAK?

**H.N.P.-blaaie, en veral Die Burger, het die afgelope week besondere voorrang verleen aan uitlatings van twee Verenigde Party-L.V.'s waarin hulle te kenne gee dat die V.P. met die Ossewabrandwag moet vriende maak. Die uitlatings is gedoen na aanleiding van voorstelle dat die Verenigde Party en Afrikanerparty 'n bondgenootskap moet aangaan.**

Deur soveel prominensie aan die onsinnige verklarings van die V.P. te gee, hoop die H.N.P.-blaaie waarskynlik om die indruk by hul oningeligte lesers te wek dat die V.P. en die O.B. nou van plan is om saam teen die H.N.P. te werk.

Die Engels-eentalige L.V. vir Rondebosch, kol. R. D. Pilkington Jordaan, het verklaar dat 'n bondgenootskap tussen die V.P. en A.P. vir hom onvermydelik lyk. Toe hy gevra is wat van die Ossewabrandwag het hy geantwoord: „Daar bestaan 'n hele boel misverstand oor die O.B. Waarskynlik 90 persent van die O.B.-lede is werklik Hertzog-Nasionaliste. Die ander tien persent — ek kan die persentasies nie waarborg nie — is Stormjaers met wie 'n mens nie graag assosieer nie." Hy het daaraan toegevoeg dat as hy deur iemand met 'n rewolwer bedreig word, hy die hulp van iemand wat 'n paar jaar gelede weens moord tot die dood veroordeel was, nie sal weier nie.

### ONDERHOUD GAAN SOEK

Ook mnr. Arthur Barlow, L.V. vir Hospitaal, het hom aan so 'n verklaring gewaag in 'n onderhoud aan Die Burger: „Ek stem saam met kol. Jordan dat die Verenigde Party met die Ossewabrandwag moet vriende maak. Ek was altoos ten gunste daarvan dat ons met die O.B. moet vriende maak," het hy aan Die Burger gesê.

**Dit is duidelik wat die H.N.P.-pers se taktiek is: die O.B. moet met die Verenigde Party geassosieer word — van die O.B. moet nou „Sappe" gemaak word.**

**Dit is dan ook duidelik dat niks Keeromstraat meer sal verheug nie as dat duisende O.B.'s sowel as mnr. Havenga na die Sappe sou oorgaan. Dan is die vraagstuk van „wrywing" mos opgelos! Dan sal kongresbesluite om O.B.'s uit die H.N.P. te weer mos nie meer nodig wees nie!**

### HUL TAAK

Maar mens vra jou af: Is dit nie die taak van verantwoordelike nasionale leiers om liewer Sappe oor te trek uit die Sapkamp as om goeie Nasionale Afrikaners wat nog steeds geweier het om uit die H.N.P. te bedank ten spyte van skimpe en aanstote — en juis nou op-

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

nuut vervolg word net omdat hulle vir die H.N.P. wil HELP — om sulke Afrikaners in die arms van die Sappe te jaag nie? **Is dit dan die taak van Keeromstraat om Sappe te maak en nie om Sappe te bekeer nie?**

Wat 'n voorbeeld van partyskap bo volkskap! **En hoe steek dit nie af by mnr. Havenga se antwoord dat hy ten spyte van alles weier om van die H.N.P. te breek! Net soos die O.B. dit ook nog altyd sê en met dade bewys het!**

# Prov. Verkiesings 'n Proefkonyn?

**Niemand doen iets van enige betekenis sonder 'n dryfveer nie. Politieke waarnemers het dan ook die afgelope week druk gespekuleer oor wat dr. Malan se motief sou wees om drie maande voor 'n verkiesing rusie te soek met sy bondgenoot oor 'n paar setels wat deur O.B.-lede betwis moet word. Dit moet duidelik wees, so word geredeneer, dat die rede wat aangegee word, naamlik dat O.B.-lede die setels nie kan wen nie, nie die juiste kan wees nie, want juis deur hierdie eis word die moontlikheid groter dat setels elders verloor kan word waar die O.B. sterk is.**

Die algemene verklaring skyn te wees dat dr. Malan graag van mnr. Havenga ontslae wil wees weens die een of ander rede wat hy nie kan of wil noem nie, maar op hierdie stadium nie bereid is om die ooreenkoms te laat verongeluk sonder vooraf seker te maak wat die gevolge vir hom sal wees nie. **Hy wil dus van die provinsiale verkiesings gebruik maak om sy krag op eie bene uit te toets.** Is die uitslag bemoedigend vir hom, sal hy mnr. Havenga op een of ander wyse forseer om uit die bondgenootskap te tree, en dan 'n algemene verkiesing uitskryf met die doel om die H.N.P. alleen aan bewind te kry.

**Dr. Malan is bewus dat mnr. Havenga 'n buitegewoon eerbare politieke figuur is. Hy weet dat mnr. Havenga sy woord hou waar hy dit gegee het, net soos sy lewenslange vriend en leier, wyle genl. Hertzog.** Hy het dus geweet dat as hy dit vir mnr. Havenga onmoontlik maak om aan die provinsiale verkiesings deel te neem, mnr. Havenga nie die parlementêre ooreenkoms ook sal opsê nie. **Dit is dus 'n veilige metode om sy eie krag te meet sonder mnr. Havenga en sonder gevaar vir die samewerking in die parlement.**

**Indien hierdie vertolking juis is, dan verloor die provinsiale verkiesings hul betekenis. Dan is dit duidelik dat dr. Malan die wen daarvan nie as noodsaaklik vir die volk se toekoms beskou nie — 'n mens doen naamlik nie lewensgevaarlike proefnemings op jou dierbares nie; daarvoor gebruik jy waardelose konyne of rotte.**

**As dr. Malan dus van die provinsiale verkiesing 'n proefkonyn wil maak, kan hy nie in dieselfde asem van die redding van blank Suid-Afrika praat nie.**

Om aan 'n ander motief te dink vir dr. Malan se optrede, is 'n moeilike saak.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerk-gebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# MET O.B. LIEWER GEEN 'BLANK S.A.'

**Ons het in die algemene verkiesing baie gehoor dat die stryd gaan om die voortbestaan van die blankedom. Ons het kort gelede nog verneem dat die volgende provinsiale verkiesing — wat na reg oor paaie, hospitale en onderwys moet gaan — moet dien om die regering magte te verleen om die blankedom verder te „beveilig" deur afskaffing van naturelle-verteenwoordiging in die volksraad met 'n meerderheid van drie stemme.**

Sonder om hierdie prosedure as korrek te beskryf, wil ons die mening uitspreek dat as die blankedom in so 'n groot gevaar verkeer dat selfs 'n provinsiale verkiesing aangegryp moet word om maatreëls ter beveiliging van die blankedom te tref, dan spreek dit seker vanself dat daardie meerderheid van drie in die parlement verstewig moet word met die grootste mate van blanke steun in die op handesynde verkiesing. En in die lig daarvan kan 'n mens verwag dat die Eerste Minister 'n beroep op die steun van alle blankes sal doen en elke blanke se steun sal verwelkom — ongeag van watter nasionaliteit. **In dié lig kan dan ook verstaan word dat die H.N.P.-leiding die steun sal verwelkom van Joodse kiesers. Dit sal dan ook in dié lig deur die blankedom waardeer kan word dat „invloedryke Nasionaliste" uit Kaapstad spesiaal na die Transvaal gevlieg het om 'n pleidooi vir die heropname van Jode in die Transvaalse H.N.P. te lewer.**

**Maar dit sal nie deur die blankedom verstaan kan word waarom H.N.P.-leiers wat bereid is om sulke pleidooie vir die Jode te lewer, uit hul pad gaan om te belet dat O.B.-lede hul aktiewe steun ter behoud van die blankedom op parlementêre gebied verleen nie.**

**Dan lyk dit of die vernietiging van die Ossewabrandwag by leiers van die regerende party 'n belangriker plek inneem as behoud van die blankedom.**

# Argument Verval

**Die Burger ag dit sy plig om vir sy lesers voor te hou dat 'n paar vooraanstaande Engelssprekende lede van die Verenigde Party te kenne gegee het dat hulle geen beswaar het om met die Ossewabrandwag saam te werk nie. Die bedoeling van Die Burger is om daarmee te suggereer dat die O.B. en Verenigde Party dus voëls van dieselfde vere moet wees.**

**Maar die vraag is: Indien Engelssprekende Sapvoormanne dan openlik verklaar dat hulle geen beswaar het om met die O.B. saam te werk nie, hoekom het dr. Malan dan beswaar teen O.B.-lede as kandidate vir die A.P.? DAN SAL O.B.'s MOS EERDER SAP-STEMME TREK AS WEGJAAG?**